

## HOOFSTUK 2

### POSTMODERNISME EN DEKONSTRUKSIE

Dekonstruksie is postmodern. Dit sal aangetoon word deur 'n ondersoek na postmodernisme en dekonstruksie.

#### 2.1 POSTMODERNISME

Postmodernisme kan onder meer in samehang met modernisme verstaan word, soos alreeds deur die woord post-modern gesuggereer word. Daarom wil ek eerstens 'n antwoord gee op die vraag: wat is modernisme?

##### 2.1.1 Modernisme: metafisiese begroning, redelikheid en subjektiwiteit

Uit die werk van die modernis Ross Abbinnett (1998:2-25) haal ek verskeie konsepte wat van besondere belang is vir die verstaan van modernisme: subjektiwiteit; redelikheid; identiteit; gemeenskaplikheid (*community*, sosialiteit); wetmatigheid; gegewe totaliteit; morele outonomie; oorsaaklikheid en gevolg; universaliteit; algemene moontlikheid; teenwoordig; essensieel; oorspronklikheid; waarheid; fundamenteel.

Elkeen van hierdie konsepte sou breedvoerig verduidelik kon word, maar dit sal nie in hierdie proefskrif gedoen word nie. Nealon (1993:88) lig drie hiervan uit en beskryf modernisme as die era van die Westerse filosofieë van die *subjek*, *teenwoordigheid*, en *metafisiese begroning* deur middel van die *rede*.

- ✿ Met ***teenwoordigheid*** word bedoel 'n ware teenwoordigstelling van dit waarna verwys word in rasonale denke en die taal waarin hierdie denke verwoord word. Deur redelikheid kan die waarheid verwoord word.

Vasstelling van die absolute waarheid is die ideaal, en wel moontlik onder leiding van die rede.

- ⊗ Met **metafisiese begroning** word bedoel dat waarheid vasgestel kan word onder leiding van die rede, omdat daar 'n onsigbare grond of oerbeginsel is van waaruit die waarheidsaansprake van die rede spruit. Begroning is die belangrikste kenmerk van die werklikheid, en die *rede* is die leidinggewende beginsel. Daarom is dit vir modernisme sinvol om die waarheid van die werklikheid in alles te probeer vasstel, die werklikheid as ware te probeer teenwoordig stel. Modernisme werk met die sekerheid dat die rede dit vir ons kan doen.
- ⊗ **Subjek** dui op die redelike mens as kennende subjek wat die waarheid objektief moet vasstel. Die mens self kan onderwerp word aan redelike kenne en sodoende self ook geobjektiveer word. Agter alle subjektiwiteit is die metafisiese, begronnende, absolute subjek. Die subjek-objek verhoudingskema oorheers die modernistiese metafisika.

Hierdie modernistiese posisionering word ook dikwels met die begrip **logosentrisme** verduidelik. 'The concept of a center from which meaning emanates is logocentrism.' (Marshall 1992:20). Die metafisiese oerbeginsel kom voor alles en rig alles. Alle betekenis draai rondom dit met die middelpuntsoekende krag van die rede.

Modernisme as metafisiese, begronnende denkwysie in die Westerse filosofie is veral gevorm in die tydperk vanaf Descartes tot en met Hegel (Abbinnett 1998). Die filosowe Kant en Hegel verdien besondere vermelding. Geen filosofie begin of eindig egter stomp nie. Ook Descartes het al in spore getrap wat hom gelei het na die dagbreek van die modernisme. Die Aufklärung sou beslis al deel van die daeraad gewees het.

### 2.1.1.1 Immanuel Kant

Wetmatigheid funksioneer vir Kant op die terreine waar die teoretiese rede en die praktiese rede funksioneer. Die fel van estetiese en doelmatige oordele is vir Kant ook 'n besondere veld van ondersoek.

#### 2.1.1.1a) Terrein van die teoretiese rede

Die terrein waarop die teoretiese rede funksioneer, is vir Kant die werklikheid wat objektief kenbaar is.<sup>1</sup> Dis die terrein van oorsaak-en-gevolg wetmatigheid waar teoretiese rede (verstand, denkende subjek/selfbewussyn) kennend funksioneer deur die organisering van sintuiglike indrukke vanuit die eksterne, objektiewe werklikheid.

Kennis as sodanig bly afhanklik van die 'sensitivity', die sintuiglike. 'We have seen that without the conditions of sensibility, it is impossible to represent objects by means of the pure *concepts of the understanding*, because the conditions of their objective reality are absent, and they contain the mere form of thought only.' (Kant 1929:238).

Kant argumenteer dat die rede egter nie slegs kennis van die objektiewe werklikheid – kennis as verteenwoordiging van objekte – opbou nie (Kant 1929:238). Teoretiese rede vorm ook idees en ideale, en in die proses word al verder weg beweeg van objektiwiteit.

Die rede funksioneer egter ook *a priori*, absoluut onafhanklik van alle sintuiglik-empiriese ervaring, en daarom as *pure reason* (Kant 1929:27). Dit bring mee dat beginsels as uitgangspunte geformuleer kan word. Hierdie konstruering maak dit onder meer moontlik vir Kant om te kan filosofeer dat die rede ook funksioneer as praktiese rede en dat oordele ook gefel kan word oor estetika, doelmatigheid en religie.

---

<sup>1</sup> Abbinnett (1998:5) noem dit die terrein van kennis.

### 2.1.1.1b) Terrein van moraliteit en vryheid

Die terrein van moraliteit is die terrein waar praktiese rede funksioneer. Hier moet die rasonale subjek veral op grond van die kategoriese imperatief<sup>2</sup> handel: 'There is but one categorical imperative, namely, this: *Act only on that maxim whereby thou canst at the same time will that it should become a universal law.*' (Kant 1929:302).

Die rasonale subjek transendeer dus wel die wetmatigheid van oorsaak-en-gevolg op 'n morele vlak, maar staan steeds onder leiding van die praktiese rede. Die rasonale subjek is dus op morele vlak steeds onder leiding van 'n rasonaal-deursigtige wetmatigheid.

Tog konkludeer Kant dat die wil vry is. Dit is nie gebonde aan fisiese wette nie, en is ook onafhanklik van die determinasie deur vreemde oorsake.

What else then can freedom of the will be but autonomy, that is the property of the will to be a law to itself? But the proposition: The will is in every action a law to itself, only expresses the principle, to act on no other maxim than that which can also have as an object itself as a universal law.

(Kant 1929:334)

Die rasonale subjek is dus vrye selfwetgewer (outonoom) onder leiding van die praktiese rede.

---

<sup>2</sup> Kant (1929:298) onderskei tussen die kategoriese imperatief en hipotetiese imperatief. Laasgenoemde is 'n imperatief wat nie noodwendig met die wil van die subjek saam te hang nie, maar wat wel subjektief beleef word as praktiese noodsaaklikheid ter wille van 'n bepaalde doel. Die kategoriese imperatief maak aanspraak op handeling wat op sigself objektief, noodsaaklik is, sonder verwysing na een of ander praktiese doel.

### 2.1.1.1c) Subjektiewe oordele

In sy *Critique of Judgement* handel Kant oor subjektiewe oordele wat nie gefel word op grond van objektiewe betekening nie, maar op grond van subjektiewe gevoel – ‘nothing in the object is signified, but there is a feeling in the subject’ – (Kant 1929:376). Kant filosofer oor die moontlikheid om universeel-geldende uitsprake te kan maak oor voorstelle (konsepte) wat nie redelik geken kan word nie, soos byvoorbeeld met betrekking tot die estetiese en die religieuse – en God.

Met betrekking tot teologiese – ‘n onderskeiding binne die teleologiese – oordele onderskei Kant (1929:502-511) tussen ‘n *physico-theology* en ‘n *ethico-theology* (*moral theology*). Die teoretiese rede kan ons voorsien van ‘n *physico-theology* waardeur ons prinsipiël kan weet dat daar ‘n ‘Supreme Cause’ of ‘intelligent Author’ van die wêreld is. Dit kan ons egter nie help om meer as ervaringsmatige, empiriese afleidings, van die kenmerke van hierdie godheid te maak nie. Praktiese rede (as *pure reason*) gee vir ons ‘n *ethico-theology* waardeur ons die godheid kan dank vir sy goedheid en ‘n morele lewe kan leef, selfs offers kan bring.

### 2.1.1.2 Hegel

Ek maak vervolgens slegs van Abbinnet en Störig gebruik om Hegel as modernis te plaas. Die lyne van sy filosofie wat deur hulle belig word en hier weergegee word, word as genoegsaam beskou binne hierdie studie, aangesien die spesifieke hiervan nie as basis gebruik word vir verdere beredenerings nie.

‘For Hegel, the concept of “humanity” emerges with self-consciousness; and self-consciousness is originally, and by definition, implicated in the structures and relations of ethical life.’ (Abbinnett 1998:1). Die menslike subjek as selfbewustheid tree na vore op grond van (en daarom as een met) die absolute Subjek.

*Origin* is seker een van die mees sentrale metafisiese konsepte van die modernisme, en dit dien weer as motivering vir konsepte soos *essensieel* en *intrinsiek*. Dit is juis *origin* (oorsprong, grond) wat deur die rede teenwoordig gestel word en deur taal beteken word. Op grond van *origin* sou dit dan ook moontlik wees om die betekenis van 'n woord vas te stel.

Hegel het voortgebou op Fichte se teenoorstelling van tese en sintese en op Schelling se begrip polariteit (Störig 1979:83-88). Die dialektiek van tese en antitese was vir Hegel nie slegs *logies* van aard nie, maar ook **ontologies** en *metafisies*.

- ✿ *Logies* dui nog net op ons denkprosesse, op hoe ons dink. Sonder ontologiese en metafisiese begronding sou dit willekeurig en onseker wees.
- ✿ *Ontologies* dui daarop dat die dialektiek die vaste, die tipiese vorm is van die dinamiek (ontploffing, selfbeweging) van die werklikheid.
- ✿ *metafisies* daarby wil ook nog sê dat alle werklikheidsprosesse selfontploffing is van die absolute gees.

Slegs in die mens begin die absolute gees van homself bewus word. Dit gebeur reeds in die individu, maar meer nog so in die familie, samelewing, staat en (dialekties wordende) geskiedenis. In die bewussyn onder die mense kom die absolute gees tot homself. Die hoogste vorm waarin die absolute gees homself is, is die filosofie met sy suiwere begripsgestalte, teenoor religie en kuns wat nog moet gebruik maak van gevoel en voorstelling.

Hegel se modernistiese filosofie het die absolute gees begrondend en teenwoordig gestel in die menslike, redelike subjek. Die beginsel van intersubjektiviteit is ook reeds deur Hegel gevestig: daar is identiteit tussen self-bewuste subjekte, op grond van hul gesamentlike deelhê aan die universele, absolute gees. In Hegel het die modernisme 'n hoogtepunt bereik.



Dit wil voorkom of Hegel in sy denke weerstand bied teen die moontlikheid van uniekheid in sosio-historiese vormgewing, en daarmee saam teen 'n fokus op die **verskille (difference)** binne hierdie vorme (Abbinnett 1998:10). Juis *verskil* en *andersheid* het 'n belangrike fokus geword in postmodernisme. Deur hierdie fokus dekonstrueer die modernistiese waarheid.

### 2.1.2 Modernistiese dualiteit: *dieselfde en verskillend*

Daar is 'n merkwaardige dualiteit in die modernisme.

Eensyds is daar die sterk fokus op identiteit, universaliteit en algemeengeldigheid onder leiding van die rede. Groeiende stede, universiteite, koöperatiewe handel, monetêre ekonomieë, algemene moraliteit, is alles deel van die universaliseringsproses wat deur modernisme teweeg gebring is. Modernisme kan omskryf word as internasionaal en kosmopolitaans (Turner 1994:136). Modernisme/rasionalisme volg histories gesproke op tradisionalisme/feudalisme waar gesag in hiërargie en struktuur gesetel is. Dit is 'n breuk met die beperkings, verskralings en provinsialisme van tradisie (Turner 1994:136). Modernisme is die (vermeende) triomf van wêreldkultuur oor plaaslike kultuur.

Andersyds is daar 'n al groter wordende diversiteit wat na vore kom vanweë outonomieit en die wegbeweeg vanaf tradisionalisme.

Modernisme is 'n proses van kulturele differensiering en outonomisering (Lash 1990:63). Die internasionale en die kosmopolitiese kan nie die radikale verskil en andersheid ophef nie, maar bring juis spanning binne die modernistiese ideaal self.

Abbinnett (1998:11) is oortuig dat 'n kritiese moderne filosofie wat verskil, andersheid en verskeidenheid eties verantwoordbaar kan verreken, moontlik

is. Ook Farrell, aan die hand van Habermas<sup>3</sup>, wil verskil positief verreken binne die raamwerke van moderniteit:

It is clear that a rational human would much prefer to live in a world that keeps alive very different ways of living as possibilities, even as not real possibilities for every individual, of what living a human life can be like, so that it is rational to oppose the erosion of difference.

(Farrell 1994:252)

Die postmoderne bewussyn fokus egter op die spanning wat deur die dualisme meegebring word, en op die empasse waarin dit die modernisme met sy begroondende en logosentristiese denke bring.

### 2.1.3 Modernisme en postmodernisme: verskille en ooreenkomste

Juis die raakpunt van *diversiteit* wat modernisme en postmodernisme deel, maak 'n gesprek tussen hierdie twee benaderings moontlik. Postmodernisme is juis 'n ontwikkeling vanuit die 'multiple perspectivism of modernism' (Du Toit 1995:35). Hoewel verskillend, is daar tog 'n spoor van die een in die ander. Verskillende eras oorvleuel en beïnvloed mekaar.

Terselfdertyd maak dit onderskeidings tussen modernisme en postmodernisme nie so 'n eenvoudige saak nie.

---

<sup>3</sup> Habermas beskou rasionaliteit nie net in terme van individualistiese outonomieit nie, maar ook as verwysende na die redelikheid ter sprake in intersubjektiewe rasionaliteit. Intersubjektiewe rasionaliteit hou vir Habermas onder meer die rasonele aandrang op dialogiese konsensus in. Dialogiese konsensus bring mee dat die strukture en instellings van 'n samelewing verstaan moet word as 'structures of communicative action' (Abbinnett 1998:6). Intersubjektiewe konsensus by Habermas is modernisties.



'n Onderskeiding tussen modernisme en postmodernisme word geproblematiseer deurdat nie almal wat hulself as moderniste beskou, 'n metafisies begrondende benadering voorstaan nie. 'n Goeie eksponent hier is Habermas, wat sy denke ook sien as teenoor die metafisika van die Westerse filosofiese tradisie. Is denkers soos Habermas dan modern of postmodern? Is Farrell modernis of postmodernis? Farrell (1994:252,255) verklaar dat postmodernisme nie anti-redelik is nie – en daarom eintlik baie na aan die modernisme – en dat Derrida nie vir hom 'n postmoderne denker is in die sin waarin hy (Farrell) die woord gebruik nie.

Habermas beskou homself as iemand wat werk aan die voltooiing van die projek van moderniteit (wat metafisika uitsluit), hoewel Du Toit (1995:38) hom beskou as rekonstruktiewe postmoderne filosoof in onderskeiding van Lyotard as dekonstruktiewe postmoderne filosoof.

Habermas het dekonstruktiewe postmodernisme beskuldig van irrasionalisme en verraad teenoor die sosiale hoop wat sentraal is in liberale politiek. Hy verwag nie transendentale standpuntnames nie, maar minstens standpuntnames wat universeel betekenisvol is (Du Toit 1995:47).

In aansluiting by Fredric Jameson verduidelik Du Toit die dekonstruktiewe fokus van Lyotard:

What Lyotard does, is to implore us to generate new questions which would constantly question old, established truths and certainties. Lyotard does not view the postmodern movement as a subsequent stage in history, but as a cyclical moment which repeatedly returns before the emergence of every new "modernism".

(Du Toit 1995:45)

So 'n dekonstruktiewe benadering gee na my mening erkenning aan die postmoderne aandrag dat waarheid nooit vas en seker verklaar kan word nie, sowel as aan die behoefte om tog vanuit gesamentlike konstruerings te moet leef.

Dit is onnodig dat dekonstruktiewe filosofie en rekonstruktiewe filosofie mekaar oor en weer moet verwyt. In hierdie proefskrif sal dekonstruksie en sosiale konstruksie albei as noodsaaklike handeling vir sinvolle bestaan verduidelik word. Postmodernisme staan nie teenoor identiteitsvorming en dit wat as *dieselfde* beleef word nie. Dit staan ook nie teenoor tradisievorming nie.

Postmodernisme neem wel stelling in teenoor rasioneel-begrunderende, metafisiese denke en die subjek-objekskemas van die modernisme, veral dan waar dit totalitêre en verdrukkend-outeoritêre aansprake op die waarheid maak. Totalitêre aansprake, onder leiding van hetsy tradisie of redelikheid, probeer vereenvoudig en verenig, maar marginaliseer en onderdruk. Ook modernistiese denkskemas en sisteme word mettertyd tot tradisies.

#### **2.1.4 Verskillende postmoderne posisionerings**

Ek het reeds daarop gewys dat 'n onderskeiding tussen modernisme en postmodernisme nie altyd so 'n eenvoudige saak is nie. Verder is dit so dat daar ook binne die postmoderne beweging baie onderskeidings gemaak kan word. Daar is reeds gewys op die onderskeid: dekonstruktief en rekonstruktief. Dockery (1995:16,17) maak 'n vierledige onderskeiding:

✿ *Dekonstruktiewe postmodernisme* is 'n radikale ontkenning van objektiwiteit. Juis vanuit die objektiewe stellingname met betrekking tot feitelikheid van ervaring word paradoksaal gekonkludeer dat so 'n objektiwiteit nie moontlik is nie. Taal het geen objektiewe realiteit as verwysing nie. Woorde verwys slegs na ander woorde. Ander moontlike verwysings word in spel gebring, waardeur die innerlike teensprake in objektiewe aansprake van samehangendheid ondermyn word.

- ✿ *Bevrydende postmodernisme* fokus meer op die bevryding van onderdrukkende sosiale strukture en nie op radikale dekonstruksie van onderliggende modernistiese aannames nie.
- ✿ *Konstruktiewe postmodernisme* gaan rekonstruktief te werk in prosesse waarbinne metafisika nie as boublokke erken word nie.
- ✿ *Konserwatiewe postmodernisme* sluit aan by modernisme, bou op sekere elemente voort en transformeer andere.

### 2.1.5 Postmodernisme teenoor modernistiese metafisika

Wat wel duidelik is, is dat postmoderniste in hul gemeenskaplikheid en verskillendheid opponerend staan teenoor die rasionalistiese metafisika van die Westerse filosofiese tradisie.

...the one thing that various postmodernisms and postmodernists seem to have in common is their assertion that there is no stable, knowable, transcendental ground of "truth". From there, agreement ends, ....

(Nealon 1993:72)

Ek verduidelik dit deur weer terug te kom na die Westerse filosofie.

Na Hegel het filosowe soos Kierkegaard en Nietzsche, sowel as taalfilosowe soos De Saussure en (die latere) Wittgestein, nie-begronndend na vore getree. Hulle het as't ware by die dagbreek van die postmoderne wêreld gestaan, die dagbreek beskryf, en die dagbreek geskryf. Dis nie 'n dag van redelike sekerheid of absolute kenne nie, maar van onsekerheid in die lig van verskil, kontekstualiteit en temporaliteit (Taylor 1986:13-14).

Nealon (1993:75) wys op die impak wat Nietzsche se denke op die Westerse wêreld gehad het: 'Thinking can no longer be selfgrounded in reason, subjectivity, method, history, God.'

Postmodernisme ondermyn die vermeende basisse van bevoorregte insig, hetsy of die basis as rasioneel, objektief, intersubjektief, tradisioneel, religieus, ervaringsmatig, professioneel, of in terme van 'hoë kultuur' verklaar word.

Metafisika as 'n vasstelling van begroning kom tot 'n einde in postmodernisme. Absolute vertrekpunte word afgemaak as arbitrêr, ontwerp, moontlik fiktief, onmoontlik om te begrond. 'Modernism had an idea of the world as a whole, of the simple and of the self; yet, its dilemma ... was that it could not represent it ...' (Du Toit 1995:43).

#### **2.1.6 Postmoderne lewensgevoel na die tweede wêreldoorlog**

Historiese gebeure in die twintigste eeu, veral vanaf die jare veertig, het sterk momentum gegee aan 'n postmoderne bewustheid en lewensgevoel (Nealon 1993:83). Verskille en konflik het die wêreld tot op die rand van selfvernietiging gebring, skynbaar sonder enige hoop in die verenigende en absolute begroning van die Westerse filosofie.

Die postmoderne wêreld ná Auschwitz en Hiroshima se (in)gesteldheid is dié van oorlewing. By die impasse, die dooie punte, die noutes, die grense, die onbeslisbaarheid, soek die postmoderne mens nie meer na waarheid nie, maar na moontlikhede waardeur voortgeleef kan word. Daar is 'n nuwe bewustheid van verskillendheid, meer moontlikhede, maar ook onbeslisbaarheid. Daar is in niemand se aansprake meer sekerheid te vind nie. Juis die filosowe met die groot aansprake het die maghebbers wat al die gruwels veroorsaak het, 'begronde'.

### 2.1.7 Postmoderne perspektief op verskillendheid

Globalisering is 'n gevolg van modernisme maar ook een van die sosiale oorsake van die postmodernisering van kultuur. Enersyds is daar 'n verenigende krag in globalisering, maar andersyds bring dit 'n komplekse verskeidenheid van tradisies en kulture saam binne 'n bepaalde gemeenskap (Turner 1994:184). Die bewustheid van diversiteit groei juis in die wêreld wat soos 'n *global village* (wêrelddorp) word.

Modernisme is geneig om hierdie verskillendheid en die andersheid van die ander te marginaliseer binne eenheids-idees en eenheidstrukture, terwyl postmodernisme eerder neig om multi-kultureel te fokus (Caputo 1997:107). Rasverskille en taalverskille sal byvoorbeeld eerder belig word, nie om konflik aan te blaas nie, maar om marginalisering teen te werk. Postmoderniste wil die rykdom en kompleksiteit van die verskeidenheid beklemtoon en leef, en nie terugtrek in verskralende struktuur- en sisteemvorming, *grand narratives* en gerasionaliseerde eenvormigheid nie.

Turner (1994:185) vergelyk postmodernisme met 'n toerismeburo wat mense uitnooi om verder en wyer te gaan ontdek, en nie net vanuit beperktheid en van 'n afstand af uitsprake te maak nie. In teenstelling met 'n toerismeburo hoef postmodernisme egter nie aggressief bemark te word nie. Soos dekonstruksie, gebeur dit al meer met ons in ons groterwordende blootstelling aan die wêrelddorp. Dit beteken nie dat hierdie bewustheid van diversiteit 'n gemaklike beleving is nie. Diversiteit skep die beleving van vreemdelingskap in 'n omgewing waar alle kulture vreemd voorkom.

### 2.1.8 Postmodernisme en etiese verantwoordings

Diversiteit as sosiale en kulturele verskeidenheid roep die vraag na die verhouding tot die ander na vore. Etiese verantwoordings staan sentraal in die postmodernisme (Turner 1994:4). Die probleemvraag na die verhouding tot die ander raak nie minder akuit namate groter globalisering plaasvind nie.

### **2.1.8.1 Ruimte vir die ander as die radikaal andere**

Die ander word beskou as radikaal anders, nie reduseerbaar tot *identities* of *dieselfde* nie. Geregtigheid hang ten nouste saam met die erkenning van heterogeniteit en differensie (Turner 1994:9,11).

### **2.1.8.2 Ruimte vir chaos sowel as vir stabiliserende ooreenkomste**

Waar daar meer ruimte gemaak word vir diversiteit, word daar ook meer ruimte gemaak vir die chaotiese. Postmodernisme is wel meer verdraagsaam teenoor die chaotiese as wat die geval is in modernisme, maar verheerlik dit nie. Wanneer chaos gewelddadig word en dus nie meer eties verantwoordbaar is nie, moet politieke beheer as stabilisering van magte in werking tree. Dit gebeur onder meer deur reëls en ander stabiliserende ooreenkomste (Derrida 1996:83). Gebruike, gewoontes en tradisies kan ook hierdie rol vervul. Vanuit 'n dekonstruktiewe standpunt gesien, is hierdie stabiliserende maatreëls egter pogings tot stabilisering van iets wat nie na waarheid gestabiliseer kan word nie.

Postmoderniste maak makliker (tydelik en hoopvol) vrede met onsuiverheid, kompromie en akkomodasie, dubbelsinnigheid, perversie, oorbodigheid, en chaotiese (*messy*) vitaliteit (Wilde 1987:134).

### **2.1.8.3 Ruimte vir gemarginaliseerde en gedegradeerde groepe**

Groepe wat in die Westerse samelewing gemarginaliseer of hiërargies gedegradeer was deur tradisionalisme of modernisme, vind groot aanklank by die postmodernisme.

Die feminisme kan dien as voorbeeld van 'n beweging wat veg vir geregtigheid teenoor vroue en wat 'n tuiste vind in postmodernisme. Binne hierdie ruimte word aandag gegee aan verskil en verskeidenheid, in samehang met gelyke waardering van alle groepe en kulture (Van Vucht Tijssen 1990: 156).



### 2.1.9 Postmoderne weerstand teen uitsluiting van ander interpretasies

Postmodernisme as 'movement toward openness' (Marshall 1992:188) skep ruimte vir 'n verskeidenheid van interpretasies. Dit bring spanning mee, aangesien elke interpretasie neig na dominerings, na uitsluiting van ander moontlike interpretasies.

Die postmoderne aandrag is dat ons voortdurend ons motiewe, posisionerings (en gevolglike perspektiewe) en storie moet verrekens wanneer ons interpreteer (Marshall 1992:192).

Postmodernisme is verdraagsaam daarvoor dat daar 'n fundamentele onsekerheid is oor die interpretasies en verhoudings van alles in die heelal (Wilde 1987:132).

Die spanningsvolle openheid, onsekerheid en verdraagsaamheid in postmodernisme, spruit uit onoorsigtelikheid, komplekse verskille en verskeidenheid, sowel as die gebrek aan tradisionele en rasionele begroning wat postmodernisme kenmerk.

### 2.1.10 Postmoderne lewenstyl

Die groei van die vervoertegnologie, inligtingstegnologie en kommunikasietegnologie het verskillende kulture soos nooit vantevore nie byeengebring. Daarmee saam het die moderne produksie-tegnologie en verbruikerskultuur *simulasie* en *speelsheid* as lewenstyl tot gevolg gehad.

Wilde (1987:134) vra aandag daarvoor dat postmodern ook vreugdevol en speels is. Die postmoderne wêreld sonder rasionele begroning of archimedespunt hou nie noodwendig en uitsluitlik 'n negatiewe, hartseer of nostalgiese stemming in omdat substansie 'verlore' gegaan het nie.

Postmoderne mense meng en pas op 'n speelse manier. Die vroeëre grense en binêre teenstellings tussen betaamlik en onbetaamlik, hoë kultuur en lae



(kitch) kultuur, geld nie meer in die postmoderne lewensgevoel nie. Tegnologie bring die wonderwêreld van simulering op ons voorstoep as 'n heel respektabele, hoë-kultuur manier van leef. Wie kan vir Bill Gates, die ryk baas van Microsoft, sê dis kitch om rekenaarsimulasies van beroemde skilderye op rekenaarmonitors in sy vertrekke te hê, in plaas van die egtes? Sê wie?

Hiermee saam gaan stylelemente soos parodie, ironie, satire en ander ondermynende spel met betrekking tot tradisionele kodes. 'n Voorbeeld wat Van Vucht Tijssen (1990:161) as kampvegter vir feminisme in hierdie verband gebruik, is 'n advertensie van 'n vervaardiger van manspakke wat 'n naakte seun adverteer in die arms van 'n ten volle geklede vrou in 'n manspak. Tradisionele rolle, hiërargieë en sogenaamde objektiewe kundigheid, word deur speelse styl bevraagteken.

Stilisties maak postmodernisme meer ruimte vir die chaotiese, gemengde saambestaan van verskeidenhede, omdat *ordelike pas* vir die postmoderne lewensgevoel baie minder is as wat moderniste hulle verbeel (Wilde 1987:146, 148).

Nealon (1993:72-77) wys op die volgende stilistiese kenmerke van postmoderne kultuur:

- ✿ 'n oop-einde benadering;
- ✿ meer-as benadering en oordadigheid (excess);
- ✿ spel met kontradiksies;
- ✿ verwisselbaarheid in rangskikking van groeperings en kombinasies;
- ✿ diskontinuiteit;
- ✿ leser-deelname.

## 2.2 DEKONSTRUKSIE

### 2.2.1 Jacques Derrida

#### 2.2.1.1 Herkoms

Ijsseling (1986: 9-13) vra die vraag: 'Who is Derrida?'. In sy antwoord laat blyk hy dadelik sy ongemak met die woordjie 'is'. Hy gaan nie verder in op hierdie 'is' nie, maar plaas wel die woord as 'n probleem op die tafel. Ek sluit by Ijsseling aan en voeg by dat die woord 'is' elke keer wat dit gebruik word, ook in hierdie verslag, geproblematiseer behoort te word. Dit sou respek betoon aan die woord *dekonstruksie*. 'Is' kan maklik die indruk skep van ware verteenwoordiging van wat beteken word, so asof dit moontlik is om na waarheid te kan sê wie Derrida is.

Jacques Derrida is op 15 Julie 1930 gebore te El-Biar, Algerië, in 'n Joodse en Frans-koloniale milieu.<sup>4</sup> Op 19-jarige leeftyd het hy verhuis na Parys Frankryk, en van 1952 tot 1956 studeer hy aan die *Ecole normale supérieure*. Hier het hy ook doseerwerk gedoen vanaf 1964. Teen daardie tyd het hy hom reeds begin verdiep in die Husserliaanse fenomenologie, en 'n sterk belangstelling gehad in literatuurstudie en die tekstuele.

---

<sup>4</sup> Ijsseling gebruik die woord 'typical' in hierdie verband. Dis na my mening egter 'n woord wat meer geredelik in 'n studie vanuit 'n modernistiese verwysingsraamwerk gebruik sou kon word om iemand verskralend mee te beskryf. Ek sou hierdie saak egter nie te ver wou voer nie, aangesien elke woord eintlik as verskralende betekening gebruik word, en nie regtig die betekende na waarheid teenwoordig stel (verteenwoordig) nie.

Die onvermoeë maar ook verantwoordelikheid om heeltmal weg te beweeg van taal wat metafisies verstaan kan word, druk Derrida self uit deur van tyd tot tyd woorde te deurkruis: ~~is thing~~ (Derrida 1976:19).

In 1962 het Derrida 'n kort teks van Husserl in Frans vertaal onder die titel *L'origine de la géométrie*, en daarmee saam 'n uitvoerige inleiding geskryf. Hierdie werk het daartoe gelei dat Derrida sterk oortuig geraak het daarvan dat vertaling 'n skeppende proses is en nie maar net kopiëring van die een taal na die ander nie.

### 2.2.1.2 Van empirisme na linguistiek

Deur sy bestudering van Husserl het Derrida deel geword van 'n filosofiese beweging wat weggestuur het van empirisme waarin kennis van die werklikheid berus op ervaring/(proef)ondervinding van hoe verskynsels is.

Hy het by name aansluiting gevind by die Husserliaanse fenomenologie, die latere Heidegger, die latere Wittgenstein, en De Saussure. Dit was 'n verskuiwing weg van empirisme na linguistiek, 'n verskuiwing wat deur Rorty beskryf is as 'the linguistic turn' (Du Toit 1995:57). Nog nader bepaald sou dit beskryf kon word as 'n verskuiwing na linguistiese strukturalisme. Taal is al meer beskou as 'n sentrale en betekenis-skeppende aspek van ons bestaan. Taaltekens stel nie die betekende teenwoordig nie, maar skep eerder betekenis.

...language itself was no longer viewed as a transparent medium through which external realities appear to us, but was actually seen to **contribute** to the meaning of propositions. .... Concomitantly, the noumenal influence in the formation of the meaning of propositions was more and more underplayed until it was eventually denied altogether in extreme versions of phenomenology.

(Du Toit 1995:57)

### 2.2.1.3 Van logosentrisme na dekonstruksie

Derrida het egter nie by linguistiese strukturalisme stilgestaan nie. Hy het tekste dekonstruktief begin lees, ook die tekste van strukturalistiese taalfilosowe by wie hy aanvanklik aansluiting gevind het.

Hy het nie meer 'n *logos* as uitgangspunt in sy werk geneem nie. Wat hy beoog het was 'the deconstruction of all the significations that have their source in that of the logos.' (Derrida 1976:10). *Logos* dui in die Westerse filosofie op dit wat oorspronklik, essensieel, wet van God, natuurwet, Being, woord van God, God self, ensovoorts, is. Alle tekens (*significations*) sou hiervolgens voorafgegaan word deur 'n waarheid of betekenis wat reeds gekonstitueer is deur en in die bepaalde *logos* (Derrida 1976:14).

Dis ook belangrik om daarop te let dat hierdie *logos*, hierdie oorspronklike en essensiële, in die Westerse filosofie deurlopend verbind word aan die *phonè* (gesproke taal). In die proses word die geskrewe woord as tweedehandse taal, as teken van 'n teken (Derrida 1976:7), gedegradeer. 'The voice is closest to the signified. ... The written signifiers are always technical and representative.' (Derrida 1976:11). Die geskrewe woord (skrif) is – in die taal van Rousseau – 'n *supplement* tot dit wat primêr is, naamlik die gesproke woord (Derrida 1976:7).

Hierdie *logos* sou verder ook as sentraal in die gebeure van betekening (betekenistoekenning) beskou kan word. Die betekenis van die *signifiers* – 'n Woord van De Saussure – draai om hierdie vaste verwysingspunt waardeur betekenis transendentiaal begrond word. Die logosentrisme van Westerse metafisika<sup>5</sup> sou dus beskou kan word as fonosentrisme (Derrida 1976:12).

---

<sup>5</sup> 'Derrida uses the word "metaphysics" very simply as shorthand for any science of presence.' (Spivak in Derrida 1976:xxi). Een van die sentrale aspekte van Derrida se werk is 'deconstruction of presence' (Du Toit 1995:71).

'n Metafisiese struktuur is gedekonstrueer wanneer die een – byvoorbeeld gesproke woord – nie meer duidelik blyk voorrang te moet geniet bo die ander – byvoorbeeld geskrewe woord – nie. Dit bring die bestaan van die logosstruktuur, die bestaan van die sentrum self, onder verdenking. Met betrekking tot die aksievelde *grammatology* (skrif) en *linguistics*, byvoorbeeld, sou die metafisiese voorrang in die Westerse filosofie aan *linguistics* gegee word. Derrida (1976:28) se perspektief is egter meer dekonstruktief: 'The question of the origin of writing and the question of the origin of language are difficult to separate.'

Die beweging van dekonstruksie (Derrida 1976:24) beoog egter nie die aanval en vernietiging van metafisiese (denk)strukture van buite af nie. Dit sou na Derrida se mening nie moontlik of effektief wees nie. Die metafisiese strukture moet van binne-uit benader word.

Dekonstruksie wil nie afbreek en vervang nie. Dit blyk reeds uit Derrida se keuse van die woord dekonstruksie. Derrida het die woord *dekonstruksie* vir die eerste keer gebruik in *De la grammatologie*. Hy het later geskryf dat hy verbaas is dat hierdie woord van hom so 'n sentrale rol sou speel in die diskoers rondom die saak wat hom op die hart gelê het. 'Among other things I wished to translate and adapt to my own ends the Heideggerian word *Destruction or Abbau*.' (Derrida 1988:1).

Sy probleem met *destruktion* was egter dat dit in Frans 'n te negatiewe konnotasie het. Dieselfde geld na my mening ook vir Afrikaans en Engels. Die woord dekonstruksie het spontaan by Derrida opgekom, en hy het begin kyk of dit nie 'n woord is wat sy bedoelings beter sal oorbring in die Franse taal nie. Dit het toe wel so geblyk vir hom, vanweë die volgende assosiasies wat deur die woordeboek gemaak word:

- ✿ disarranging the construction of words in a sentence;
- ✿ common way of saying construction;

- ✿ disassemble the parts of a whole;
- ✿ to deconstruct a machine to transport it elsewhere;<sup>6</sup>
- ✿ to deconstruct verse, rendering it, by the suppression of meter, similar to prose;
- ✿ to lose its construction;
- ✿ *se déconstruire* (to deconstruct itself);
- ✿ altered from within itself.

Dekonstruksie (abbau) is iets anders as rekonstruksie (umbau) of destruksie (destruction). Dekonstruksie behels nie 'n destruktiewe ingesteldheid teenoor tekste, tradisies, instellings, of vermeende waarhede nie. Dit sal verder in hierdie hoofstuk verduidelik word.

Derrida het nie net tekste in die veld van linguistiek (wetenskap van taal) dekonstruktief begin lees nie, maar ook die wyer metafisiese tekste van die Westerse filosofie. Hy het veral bekendheid verwerf vir sy dekonstruktiewe lees van onder meer tekste van Plato, Kant, Hegel, Husserl, Heidegger, Nietzsche, Marx, De Saussure, Lévi-Strauss, Rousseau, Freud en Foucault.

The way I tried to read Plato, Aristotle, and others is not a way of commanding, repeating, or conserving this heritage. It is an analysis which tries to find out how their thinking work or does not works, to find the tensions, the contradictions, the

---

<sup>6</sup> Om te praat in terme van masjientaal (disassemble the parts of a whole; to deconstruct a machine to transport it elsewhere), kan die indruk skep dat dekonstruksie 'n tegniese prosedure volgens 'n bepaalde metode is. Dit is wel 'n misverstand by sommige, maar dis nie die bedoeling van Derrida nie.

heterogeneity within their own corpus [cf. *Khôra* 81-84/ON 119-121].

(Derrida 1997:9)

Derrida het telkens die invalplek vir dekonstruktiewe lesing gevind in die inkonsekwente manier waarop aan die gesproke woord voorrang gegee word in die vermeende teenwoordigstelling en onmiddellike, wesenlike kenbaarheid van die betekende. (Du Toit 1995:71).

## 2.2.2 Tekste van Jaques Derrida

Hierdie paragraaf behels nie 'n in-diepte navorsing van Derrida se werk nie, ook nie eers 'n oorsig oor al sy werk nie. Aan die hand van Ijsseling (1986:8-27) en andere, gaan ek wel kortliks stilstaan by van Derrida se belangrikste werke in die beginjare. Die werke van sy beginjare kan as begrondend beskou word vir sy filosofie, en die aard van sy filosofie blyk daaruit<sup>7</sup>.

In 1967 publiseer hy drie boeke.

### 2.2.2.1 *La voix et le phénomène. Introduction au problème du signe dans la phénoménologie de Husserl.*

Husserl se filosofie het vir Derrida neergekom op 'n *filosofie van teenwoordigheid*. Die waarheid van die werklikheid wat deur waarneming na vore sou kom, word gedra deur die gesproke woord as verwysende woord.

Dit was ook 'n *voorkeurfilosofie*. Husserl handhaaf 'n hiërgargiese onderskeiding tussen *woord* en *skrif*. Sy betoog was dat stem (*voix*) uit die denke, en die skrif uit die stem af te lei is.

Derrida toon die empasse aan waarin hierdie filosofie hom bevind deur sodanige hiërgargiese voorkeur. Hy bring die waarheidsaansprake van Husserl onder verdenking deur uit sy werk self die onmoontlikheid van denke sonder



skrif aan te toon (Bernet 1986:96). Tradisie en tekste (skrif) sou ook beskou kon word as middele wat (juis) die oorsprong lewend hou, hoewel nie noodwendig in deursigtig kenbare (teenwoordige) sin nie. Deur skrif vervaag en sterf die oorspronklike dus nie, in teenstelling met die vervaging en mettertids "dood" van die oorspronklike as ons net op die mondelinge taal, die stem, die klank, aangewese sou wees.

Derrida dekonstrueer die waarheidsaanspraak van Husserl se hiërargiese onderskeiding, deur 'n moontlike omkeer van die hiërargie uit Husserl se eie werk aan te toon. Deur die moontlikheid van die omkeer kom hiërargiese voorkeur, en so ook 'waarheid' as sodanig, onder verdenking. Derrida se omkeer van die hiërargie moet as speels gesien word. Dis eerder ondermynende spel, en nie aanspraak op nuwe waarheid-in-betekening (teenwoordigheid van ware betekenis) nie.

Derrida het Husserl beskou as filosoof vir wie filosofie 'n universele wetenskap was wat algemeen-geldige en absoluut-begrunderende kennis moet bied. Sodanige perfekte, absolute sekerheid sou aldus Husserl verkry kon word langs die weg van fenomenologie en intersubjektiviteit (Taylor 1986:10-11).

Husserl se pretensie was vir Derrida ook kenmerkend van die Westerse metafisiese filosofie met sy aandrang op universele, transendentale waarheid. Langs die weg van redelike subjektiviteit word gebou aan 'n allesomvattende, absolute sisteem van kennis.

So gesien het Derrida gedekonstrueer aan die Westerse filosofie wat reken dat elke ervaring begryp kan word in 'n allesomvattende rasionele samehang (Moyaert 1986:28).

---

<sup>7</sup> Hierdie stellingname sou dekonstruktief geles kon word.

### 2.2.2.2 *De la grammatologie*

Derrida se tweede boek was *De la grammatologie*. In die eerste gedeelte het hy skrifteorie ontwikkel, dikwels in aansluiting by De Saussure wat in sy literêre teorie sommige van die belangrikste veronderstellings van Westerse transendentale filosofie begin wysig het. Hy het ook die metafisika in De Saussure se werk gedekonstrueer.

In die tweede gedeelte het Derrida gehandel oor Rousseau, veral oor skrif en *supplement*.

#### 2.2.2.2a) Aansluiting by De Saussure

De Saussure kan beskou word as die vader van strukturalisme in literêre teorie (Du Toit 1995:72). Hy het taaltekens (*signs*) verstaan as bipolêre strukture wat bestaan uit twee taalelemente, naamlik betekener (*signifier*) en betekende (*signified*).

De Saussure het wel voorgestel dat die taalelemente geen metafisiese of intrinsieke verhouding met mekaar het nie. Daar is byvoorbeeld geen kenmerk in die woord 'hond' wat die konsep of idee van 'n hond na vore bring nie.<sup>8</sup> Die elemente staan in arbitrêre verhouding tot mekaar, op grond van historiese en kulturele ooreenkomste wat voortdurend onderworpe is aan verandering. Geen teken is dus 'n draer van betekenis nie. Die betekenis wat ons heg aan 'n teken hang af van die verhouding waarin daardie teken staan tot ander tekens wat as *signifieds* funksioneer in die betrokke taalspel.

Betekenis berus dus vir De Saussure op konteks, verskil en relatiwiteit (Taylor 1986:13-14). Betekenis is 'n funksionele gevolg van verskille wat een teken het met dié rondom hom. Die onderlinge verhoudings tussen die dele van 'n

---

<sup>8</sup> 'n Verkeerslig se groen en rooi kleure as sodanig dra ook nie die betekenis van 'ry' of 'stop' nie.

sisteen is, met die oog op betekenisbepaling, belangrik, en nie die afsonderlike dele van die sisteem nie. Met die oog op betekenis moet die verhoudingstrukture in taaluiting bestudeer word. Op grond van (sistemiese) struktuuranalises sou ware betekenis vasgestel kan word.

Derrida het by sommige van hierdie idees oor taal aangesluit. Taaltekens is 'n funksie van 'n verskeidenheid van verhoudinge wat deur tyd en sosiale kontekste ontwikkel. In taaltekens is daar niks substansieels nie. In taal is daar slegs verskille, en nie idees of klanke wat al voor die linguistiese sisteem bestaan het nie. Idees of klanke wat geassosieer word met taaltekens, is van minder belang. Wat eerder saakmaak is die ander tekens wat die taaluiting omgewe (Derrida 1986:402).

De Saussure se onderskeiding tussen *signifier* en *signified* is egter na Derrida (1976:11) se mening steeds deel van die erflating van die Westerse logosentrisme.

Na Derrida se mening is daar – in taal – geen verskil tussen *signifiers* en *signifieds* asof die een primêr en die ander sekondêr kan wees nie. 'There is not a single signified that escapes, even if recaptured, the play of signifying references that constitute language.' (Derrida 1976:7). Alles in taal is *signifier*, sonder dat ooit by 'n *signified* uitgekome word aan die einde van die taalspel.

Met betrekking tot die Westerse hiërargiese onderskeiding tussen spraak en skrif stel Derrida (1976:7) dit as volg: 'The secondarity that it seemed possible to ascribe to writing alone affects all signifieds in general, affects them always already, the moment they *enter the game*.'

### 2.2.2.2b) Dekonstruksie van De Saussure

In die Westerse filosofie het die aanvaarding van die wetenskaplikheid van linguïstiek – die wetenskap van taal – berus op fonologiese fundamente. Die essensie van taal sou lê in die eenheid van die *phonè*, die *glossa* en die *logos*. Dit gaan alle terminologiese sisteemverskille vooraf. Hierteenoor sou skrif altyd funksioneer as 'n afleiding; toevallig; spesifiek; buite; instrumenteel; 'n teken van 'n teken (Derrida 1976:29). *Grammatology* word dus ondergeskik gestel aan *phonè*.

De Saussure het ook hierdie Westerse stellingnames met betrekking tot spraak en skrif onderskryf (Derrida 1976:30). Vir De Saussure het taal 'n mondelinge tradisie wat onafhanklik van skrif funksioneer. Skrif *represent* die gesproke woord, maar spreektaal *present* die ideale objekte/konsepte. Spreektaal en skryftaal is vir De Saussure twee afsonderlike tekensisteme. Daar is 'n eenheid tussen spreektaal en die betekeniskonsep wat onderliggend lê. Hierdie eenheid word beliggaam in die woorde wat gesprek word.

Derrida sien raak dat De Saussure skrifsteme beperk tot idiografiese- en fonetiese sisteme. Idiografiese sisteme wil betekenis van woorde na vore bring, instaan vir die idee agter 'n woord. Fonetiese sisteme wil net klanke naboots in skrif. De Saussure beperk sy bespreking oor skrif nog verder deurdat hy net die fonetiese sisteem verreken, en dan ook nog net die fonetiese sisteem wat stam uit die Griekse alfabet. Dit is geen onskuldige verskraling/beperking nie. Sodoende kan De Saussure die skrifsteme losmaak van die betekenis-konstituerende taalsisteem. Hierop kan hy dan baie hiërargiese verskille bou met betrekking tot skrifsteme en spreektaal: 'External/internal, image/reality, representation/presence...' (Derrida 1976:33).

'n Innerlike spanning wat Derrida by De Saussure optel, is dat hy aan die een kant skrifsteme as verskynsels so degradeer, maar dit tog deurlopend gebruik as verteenwoordiging van spreektaal.

One already suspects that if writing is “image” and exterior “figuration”, this “representation” is not innocent. The outside bears with the inside a relationship that is, as usual, anything but simple exteriority. The meaning of the outside was always present within the inside, imprisoned outside the outside, and *vica versa*.

Thus a science of language must recover the *natural* – that is, the simple and original – relationships between speech and writing, that is, between an inside and an outside.

(Derrida 1976:35)

De Saussure self beskou die grafiese vorm van woorde as iets permanents en stabiels, beter geskik as klank om die eenheid van taal oor tyd heen te konstitueer. De Saussure praat wel van ‘purely fictitious’ unity’ en ‘superficial bond’, en daarom ‘not natural bond’ en ‘not true bond’. Derrida (1976:36) vra die volgende vraag oor hierdie grafiese vorm, na aanleiding van De Saussure se spanningvolle konstruerings: ‘...is that – the graphic form – not a natural phenomenon too?’

In hierdie handeling van Derrida blyk ‘n belangrike aspek van sy dekonstruktiewe beweging: bring die ondergeskikte/gemarginaliseerde in spel, nie van buite nie, maar na aanleiding van innerlike spanninge in die aanvanklike spel van uitsluiting/marginalisering.

Die hiërargie<sup>9</sup> sou selfs moontlik omgekeer kan word.

---

<sup>9</sup> Hiërargie by De Saussure is binêr van aard (Ijsseling 1986:25). Strukturalisme dink oor verskillendheid in terme van binêre teenoorstelling (Marshall 1992:47). Binêre denke maak betekenis vas deur ‘n keuse vir die een of die ander: ‘n keuse vir goed of sleg; wit of swart; stylvol of nie-stylvol; positief of negatief; sentraal of marginaal; essensiël of nie-essensiël; manlik of vroulik; heteroseksueel of homoseksueel;

Representation mingles with what it represents, to the point where one speaks as one writes, one thinks as if the represented were nothing more than the shadow or reflection of the representer. ... In this play of representation, *the point of origin becomes ungraspable* (my kursifering).

(Derrida 1976:36)

'The point of origin becomes ungraspable.' 'n Dekonstruktiewe beweging beoog nie 'n nuwe/omgekeerde hiërargie nie, maar eerder 'n bewusmaking van die onmoontlikheid om te kies vanweë die gekompliseerdheid van die spel. Die nuwe hiërargie word ook onder verdenking geplaas: Wat doen skrif aan spreektaal en aan die ideale konsep, as dit by voorkeur betekenis mag toeken aan die natuurlike, aan die oorspronklike? Derrida wys op die geweld wat die natuurlike aangedoen kan word indien skrif die voorrang bo spreke sou kry.

Dekonstruktief beweeg Derrida al verder na 'n punt waar dit onmoontlik raak om finale betekenis te laat berus by enige sisteem. Hy doen dit deurlopend aan die hand van die teks wat hy dekonstrueer se eie beperkinge en begrensinge, en die spanninge en kontradiksies wat daarmee saamhang.

For Saussure, the relationship between signified and signifier may be arbitrary, but it is a stable affair within a synchronic moment. Saussure, thus, assumes a place where meaning rests, if only for a hypothetical moment. To Derrida, this does not acknowledge the "play", the movement, the slippage

---

gemeenskap of individu; diep of oppervlakkig; ensomeer. Wanneer die een aan is, is die ander af; wanneer die een waar is, is die ander vals. Die een moontlikheid kry voorrang bo die ander wat dan gemarginaliseer word.

between signifiers, that is, the movement by which each signifier's signified becomes itself a signifier.

(Marshall 1992:66)

In sy soeke na ontologiese deursigtigheid, na oorsprong, na die ken van waarheid, na teenwoordigheid<sup>10</sup> van dit wat beteken word, het De Saussure nie die Westerse filosofiese tradisie sedert Plato oorkom nie.

De Saussure se linguistiese strukturalisme was wel 'n belangrike wegbeweeg vanaf fundamentalisme.<sup>11</sup> Betekenis word kontekstueel in historiese gekonstrueer (Du Toit 1995:73-74). Aan die ander kant merk Du Toit 'n 'neo-foundationalism' op in die manier waarop De Saussure die linguistiese 'sisteem' verhef tot waarheidsbegroning. Hierdie soort bewustheid is danksy die dekonstruktiewe werk van Derrida.

### 2.2.2.3 *L'écriture et la différence*

In hierdie derde boek van 1967, sluit Derrida onder meer aan by Foucault wat fokus op historiese gebeure as prosesse van skeiding en uitsluiting. Derrida fokus op die konstituerende rol van die rede in hierdie prosesse. Die boek het ook 'n werkstuk ingesluit waarin Derrida gehandel het oor Freud, onder meer vanuit die perspektief van skrifmetafoor.

In 1972 het weer drie boeke van Derrida verskyn, naamlik *Positions*, *La dissémination*, en *Marges de la philosophie*.

---

<sup>10</sup> Teenwoordigheid sou ook verstaan kan word as vaste oorsprong en dit wat sentraal staan, waarom alles draai (Marshall 1992:66).

<sup>11</sup> Fundamentalisme behels onder meer 'n soek na vaste betekenis in woorde op grond van 'n vermeende ooreenkoms tussen tekens en ware werklikheid.



#### **2.2.2.4 *La dissémination***

In *La dissémination* handel Derrida onder meer oor Plato en sy filosofie oor die geskrewe woord, en oor Hegel. Ook hierin, soos deurgaans in sy dekonstruktiewe lees van Westerse filosofiese tekste, rig Derrida hom op die voorrang van die stem en die gesproke woord, en die verdringing van skrif. Derrida het hierdie voorrang en verdringing reeds by Plato gelees: 'One moment of Derrida's deconstructive reading of Plato is certainly to reverse the hierarchical preference for speech over writing and to show that this reversal is already at play in Plato's text.' (Brogan 1989:22).

#### **2.2.2.5 *Marges de la philosophie***

In *Marges* word onder meer gehandel oor Heidegger se tydsfilosofie en oor Hegel se semiologie; sy leer aangaande tekens. 'n Besondere skepping van Derrida, naamlik *différance*, kom in *Marges* na vore.

##### **2.2.2.5a) *Différance***

Ek wil kortliks stilstaan by hierdie 'woord' van Derrida. *Différance* is 'n speelse skepping waardeur Derrida dekonstruktief speel met die Westerse metafisika, en waardeur hy ook *play of difference* in die gebruik van taal belig en verduidelik.

##### **2.2.2.5a1) 'n Speelse nie- woord in diens van dekonstruksie en Derrida se ander tekste**

Literêr gesproke is *différance* nie 'n woord of 'n konsep nie. '...*différance* ...has neither existence nor essence. It derives from no category of being, whether present or absent.' (Derrida 1986:399).

Ek haal graag die (vertaalde) Derrida aan wanneer hy in *Margins* "verskoning" vra dat sy bedoelinge met sy ander tekste ook hier in sy bespreking van *différance* na vore kom:

... I will have to be excused if I refer, at least implicitly, to some of the texts I have ventured to publish. This is precisely because I would like to attempt, to a certain extent, and even though in principle and in the last analysis this is impossible, and impossible for essential reasons, to reassemble in a *sheaf* the different directions in which I have been able to utilize what I would call provisionally the word or concept of *différance*, or rather to let it impose itself upon me in its neographism, although we shall see, *différance is literally neither a word nor a concept*.

(Derrida 1982:3)

Hierdie aanhaling is 'n mooi voorbeeld van Derrida se ondermynende spel. Wat hy probeer ondermyn is die waarheidspretensies, die pretensies van vaste en sekere betekenis van wat kern, sentrum, oorspronklik en essensieel is. Hy sien die moontlikhede van betekenis as 'the complex structure of a weaving' (Derrida 1982:3). Die verskillende betekenisdrade gaan in verskillende rigtings uiteen, maar kan ook beskou word as in samehang (saamgebondel) met die ander. Hy impliseer (maar sy woordspel maak dit eksplisiet) dat hy nie kan of wil wegkom van sy ander werke in sy bespreking van *différance* nie. Dit gaan trouens in *différance* oor die implikasies en bedoelinge van sy ander werke.

#### 2.2.2.5a2) 'n Grafiese a-e spel

Derrida (1982:3) verduidelik *différance* as 'n grafiese voorstelling wat ontstaan waar daar 'n a ingevoeg word in die plek van die tweede e van *difference*. 'I will speak, therefore, of a letter. Of the first letter, if the alphabet, and most of the speculations which have ventured into it, are to be believed.' Reeds uit sy eerste sin maak Derrida dit duidelik dat *différance* 'n speelse skepping is.

*Différance* behels slegs 'n grafiese verskil met *difference*. Die **a** funksioneer net in skrif, maar nie in spreektaal nie. Dit kan gelees en geskryf word maar nie gehoor word nie. Dit bly 'n stille geheim in die gesproke *différance*. In die *play of difference* van betekening<sup>12</sup> lees Derrida die **a** as geheime teken; stil merk; onuitgesproke monument; selfs piramied; graf(teken); grafsteen; grafkelder. '...the play of difference, which, as Saussure reminded us, is the condition for the possibility and functioning of every sign, is in itself a silent play.' (Derrida 1982:5).

Deur die onuitgesprokenheid van *différance* se **a** belig Derrida op 'n speelse manier sy dekonstruktiewe perspektief dat gesproke of geskrewe taal, as *play of difference*, nooit die betekende konsep verteenwoordig of selfs teenwoordig stel nie.

Now if *différance* is (and I also cross out the "is") what makes possible the presentation of the being-present, it is never presented as such. It is never offered to the present. Or to anyone. Reserving itself, not exposing itself, in regular fashion it exceeds the order of truth at a certain precise point, but without dissimulating as something, as a mysterious being, in the occult of nonknowledge or in a hole with indeterminable borders ...

(Derrida 1982:6)

Deur die begrip 'hole with indeterminal borders', na aanleiding van Jacques Lacan se 'hole with determinable borders', wil Derrida weggom van selfs 'n negatiewe metafisiese gebaar. Dis 'n baie belangrike aspek van Derrida se dekonstruktiewe denke, naamlik dat hy nie 'n filosofie van teenwoordigheid wil vervang met 'n filosofie van afwesigheid nie. Dekonstruksiefilosofie hou die

---

<sup>12</sup> Hou telkens in gedagte dat betekening na net nog 'n *signifier* verwys in die oneindige spel van verwysing.

weg vir ander moontlikhede oop, sonder om 'n beslissende keuse vir 'n bepaalde moontlikheid te maak.

Geen metafoor kom deur sy verwysende funksie by die grond van die betekende saak uit om dit as't ware teenwoordig te stel nie. Inteendeel, metafore bestaan midde in ontelbare hoeveelhede ander tekens, in 'n verwysende spel. Enersyds word na die metafoor verwys, andersyds verwys die metafoor self na ander metafore (Du Toit 1995:81).

Daar is geen goeie of regte plek om te begin om die *sheaf of graphics* van *différance* na te spoor nie (Derrida 1982:6-7). Die nasporing is wel vir Derrida 'n strategiese avontuur, maar hy kwalifiseer dit as volg: 'Adventurous because this strategy is not a simple strategy in the sense that strategy orients tactics according to a final goal, a *telos* or theme of domination, a mastery and ultimate reappropriation of the development of the field.'

Derrida se semantiese uitmekaarhaal van *différance* bring hom by die onderskeidings *différer*, *differ* en *defer* (Derrida 1982:8,18):

#### 2.2.2.5a3) **Différer: differ; defer**

Die werkwoord *différer* (Latyn: *differre*) sou enersyds kon verwys na die semantiese veld ***differ***: onderskeiding, verskillend, geskei, afstand, nie-identies, anders. Andersyds sou dit kon verwys na die semantiese veld ***defer***: *delay, relay, detour, reserve*, uitstel, vertraag, herlei, heruitsaai, deurgee, uitwei, aanvul, omlê, omlei, terughou, opskort, aanvul.

Hierdie – en ander soortgelyke – semantiese onderskeidings word deur Derrida in verband gebring met *presence* (Derrida 1982:21) – die metafisika van ware, sentrale, oorspronklike, essensiële betekenis. *Différance* behels die uitstel, vertraging, herleiding, aanvulling, terughou van betekenis-konstruering. Daarmee impliseer Derrida nie dat daar wel eendag by ware betekenis uitgekóm kan word nie. '... the economic character of *différance* in no way

implies that the deferred presence can always be found again.' (Derrida 1982:20).

Marshall (1992:23) wys daarop dat poststrukuralisme nooit tot rus kom in betekenistoekenning nie: 'Poststructuralist *différance* refers not only to the difference between signified and signifier (to differ), but more so, to the endless deferral of meaning as each signified becomes itself a signifier (to defer).'

*Différance* daag ons uit tot differensiërende in plaas van verabsoluterende denke. 'Wherever one is, one is placed in a play of differences.' (Caputo: 1997:104).

Hierdie spel bring 'n verweefde patroon na vore. Die verskillende teken-elemente in die weefspel van betekening is onoorsigtelik baie. 'n Oneindige hoeveelheid tekenvervangings kom in spel. Die een roep die ander na vore. Die spel self is sonder begin of einde en binne komplekse en verskuiwende kontekste en verhoudings.

Die verskille waarmee gespeel en sodoende geweef word, val nie uit die lug nie, maar is effekte op grond van weefspel uit die verlede. Hierdie hele beweging van weef-spel sou as *différance* beskou kan word. (Derrida 1982:11,12). Alle taalspel is effek van die verlede, dra die merk van die verlede, en affekteer die toekomstige taalspel. Dit merk alreeds die aard van verhoudings in die toekomstige taalspel (Derrida 1982:13).

Die verskil tussen *spel* en *effek* sou ook as die verskil tussen aktief en passief beskou kan word, net soos die -ance uitgang van *différance* in aktiewe en passiewe sin verstaan kan word. Aktief gesproke is *différance* spel, passief gesproke is *différance* effek van hierdie spel. Niks het betekenis op sigself nie. Betekening realiseer binne *différance*.

Die merke/spore wat opgetel word uit die verlede, moet ons egter nie daartoe verlei om te dink dat ons by waarheid in betekening, by teenwoordigheid, uitgekóm het nie (Derrida 1982:16; Wood 1987:146).

Die nie-woord *différance* is nie die enigste skepping van Derrida waarmee hy sy taalfilosofie verduidelik nie. 'Derrida deploys a whole rhetoric of similar terms as a means of preventing the conceptual closure or reduction to an ultimate meaning' (Norris 1982:32). Van hierdie terme is *différance* waarskynlik die effektiwste.

#### 2.2.2.6 *Glas*.

In 1974 het *Glas*, die lui van die doodsklok, verskyn. Dit is een van Derrida se 'margetekste'. Derrida skryf in vier kolomme wat telkens onderbreek word deur invoegsels en los kantaantekeninge in die marge, die oop rand/speelruimte van die papier.<sup>13</sup>

Elke kolom is op sigself ook 'n margeteks, 'n skrywe in die marge van ander tekste. Een van die kolomme is geskryf as margeteks van Hegel se regsfilosofie.

Die marginale inskrywings van Derrida is dekonstruktief van aard. Hy dekonstrueer die waarheidspretensies van die tekste deur onder meer naas- en teenoorstelling van tekste.

---

<sup>13</sup> *Marge* word in die Nasionale Woordeboek (De Villiers et al 1985) onder meer verklaar as 'speelruimte' en 'verskil'. Dit is baie bruikbare woorde om die plek van die marge in Derrida se denke mee te beskryf. Die marge is die oop rand, die speelruimte van die papier waarop daar tog nog 'n verskil gemaak kan word aan die teks.

### **2.2.2.7 Eperons. *Les styles de Nietzsche.***

In 1978 verskyn *Eperons. Les styles de Nietzsche.* Ook hier word in vier kolomme geskryf, maar telkens word dieselfde teks in vier verskillende tale vertaal, naamlik Engels, Italiaans, Frans, en Duits. Hierdie teks handel veral oor die plek van die vrou in die filosofie van Nietzsche.

### **2.2.2.8 *La vérité en La carte postale***

In 1979 verskyn *La vérité*, onder meer 'n skrywe in die marge van die kunsilosofie van Kant en Hegel. Sy *La carte postale*, 'n werk waarna dikwels verwys word in studies oor Derrida, verskyn ook in 1979. Die tweede gedeelte daarvan handel oor Freud.

### **2.2.3 'n Waarskuwing en verklaring van onsekerheid**

Ek volstaan met hierdie *chronologiese* verwysings na skrywes van Derrida, maar met 'n waarskuwing en verklaring van onsekerheid:

Derrida se styl (veral in sy vroeëre werke) maak dat sy werk nie maklik toeganklik is nie. Baie verwarring het hieruit gespruit. Ek aanvaar egter dat Derrida, die spelbreker, se styl moeilik is deels omdat hy handel oor dekonstruksie, die spelbreker.

Burms (1986:193) skryf dat diegene wat hulself wil inlaat in die werke van Derrida, in die eerste plek 'n betroubare gids benodig, iemand wat begryp wat die moeilike filosoof bedoel, en dit in bevatlike taal kan weergee. Ek moet dadelik sê dat ek ook onder daardie groep hoort en my tuis voel. Gidse is egter ook maar interpreteerders en stel nie die betekende in waarheid teenwoordig nie. U as leser kan ook van my as gids/interpreteerder van Derrida gebruik maak. Daarby kan u ook my interpretasies dekonstrueer in die lig van Derrida se skrywes en ander verwysingsraamwerke.



Onthou egter altyd: Derrida tree as spelbreker op teenoor diegene wat 'n getroue interpretasie van sy werk wil aanbied. Hy waarsku self dat dekonstruksie, vanweë dit wat hy doen, blootgestel is aan misverstand (Norris 1982:127).

## 2.2.4 Verdere konstruerings rondom enkele temas

### 2.2.4.1 Spore (*traces*)

Hoe word daar van die een *signifier* na die ander *signifier* beweeg in die verwysende spel van differensie (*play of difference*)? Die ander moontlike tekens/metafore is as spore (*traces*) beskikbaar om na vore geroep te word in die spel.

'...these new distinctions are not like artifacts, waiting to be discovered, but different views available to each reader based on that person's perspective within which she views the text.' (Lax 1992:72). Daar is nie bepaalde spore wat lei na en van 'n teken nie. Die spore is tekenskeppings vanuit unieke kontekste, deur bepaalde persone. 'n Teks het nie inherente betekenis nie. Betekenis ontstaan wanneer interpreteerders in dialoog gaan met die teks. Gevolglik is die betekenis van 'n teks afhanklik van die perspektief van die een wat in dialoog daarmee tree. Daar is net soveel interpretasies van 'n teks as wat daar lesers is (Grenz 1995:92).

#### 2.2.4.1a) Spore as teenoorgesteldes

Die ander moontlikhede kom dikwels na vore as teenoorgesteldes. Juis deur die spoor te vat van die teenoorgestelde moontlikhede en dit in te trek (in te weef) in die taalspel, word marginalisering teengewerk en kan onvrugbare binêre (of-of) teenoorstelling oorkom word. Derrida probeer deurlopend aantoon dat daar altyd 'n spoor van die een in die ander is waar teenoorgesteldes voor mekaar te staan kom (Du Toit 1995:82). Al is die ander

radikaal anders, is die ander nooit absoluut anders nie. Daar is 'n spoor van die een op te tel in die ander.

It is a fundamental characteristic of *différance*, that it allows for no sharp distinction between the same and the other. An example of the way Derrida seeks to deconstruct identity as the exclusion of difference or otherness in binary opposites, is the way he perceives the word 'man' to be used as the founding principle in chauvinistic societies. Here 'men' are defined by excluding 'wo-men'.

(Du Toit 1995:90)

#### **2.2.4.1b) Spore van verlede, hede en toekoms**

Die spore is ander moontlikhede (*differences*) van die verlede, hede of toekoms. Die spoor as ander moontlikheid kan 'n merk wees wat die verlede op die hede maak (Du Toit 1995:85). Die tekens van hede en verlede loop ook reeds as spore na die toekoms, en maak sodoende reeds 'n merk op die toekoms.

#### **2.2.4.2 Supplements: byvoegings en veranderings**

Die taalspel is 'n dinamiese spel van *supplementarity*, sonder 'n sentrum wat die spel absoluut begrond (Marshall 1992:68). *Supplementarity* behels sowel byvoeging as vervanging. In aansluiting by Harland<sup>14</sup> onderskei Marshall (1992:174-175) tussen denke in terme van 'origins' en denke in terme van 'supplements'.

---

<sup>14</sup> Harland, R 1987. *Superstructuralism: The philosophy of structuralism and post-structuralism*. New York: Methuen, p 130.

Die leser van 'n teks tel die spoor van die ander (teken, skrywer<sup>15</sup>, spreker<sup>16</sup>) op binne sy/haar (die leser se) eie konteks, en gaan skeppend met die teks te werk in die lig van hierdie eie konteks. Al wat na vore kom in die kenproses is die perspektief van die kennende persoon wat interpreteer. Hierdie skeppende toevoegings en vervangings hou onder meer in dat geen spoor/betekening/metafoor die betekende saak, bedoeling of herkoms, na waarheid kan verteenwoordig nie (Moyaert 1986:43). 'n Teks self is reeds byvoeging en verandering met betrekking tot dit wat die skrywer wou beteken. Voortdurende byvoeging en verandering hou in dat dit 'n futiele poging is om na oorspronklike bedoeling of oorspronklike/eintlike betekenis te soek.

#### 2.2.4.3 Skrywe in die marge

Alle tekste kan beskou word as margetekste. Dit word geskryf in die marge van vorige, ouer, bestaande tekste, en is as't ware daarop geënt. Alle tekste het dus vorige tekste nodig om te bestaan (Ijsseling 1986:18).

Postmoderniste soos Derrida, Foucault en Spivak bevraagteken die moontlikheid om van 'n begin te praat (Scheurich 1997:90). Om van begin en

---

<sup>15</sup> Die skrywer van 'n teks laat eintlik net 'n spoor in die verbygaan. Die teks is dadelik verouderd. Die outeur het reeds vertrek, het iemand anders geword, is dalk reeds dood (Ijsseling 1986:25). Die skrywer van 'n teks is al reeds verder in sy/haar denke. Sy is nie meer waar jy lees nie, en kan nie vasgepen word in haar geskryfte nie.

<sup>16</sup> Daar moet egter ook met betrekking tot die gesproke woord en die spreker in terme van *supplement* gedink word. Niemand sê alles wat hy/sy bedoel nie, en bedoel ook nie alles wat hy/sy sê nie. Niemand weet ook wat hy/sy alles verdring of vergeet of nie weet nie. Die geskrewe maar ook gesproke woord kan altyd in die marge gelees word, daar kan aan toegevoeg word, en die skrywer of spreker is nooit werklik kenbaar nie. Hy of sy laat net 'n spoor. '...speech is *always already* structured by differences and distance as much as is writing.' (Marshall 1992:71).

einde te praat is eintlik onproduktief en 'n verleentheid of ironie. Niks is oorspronklik nie, niks het 'n begin nie, alles het 'n **herkoms**, 'n **historie**. Elke begin is 'n derivasie, 'n afleiding, selfs 'n nabootsing. Geen teks het ook 'n einde nie. Daar word nimmereindigend in die marges van bestaande tekste geskryf. 'The text has no stable identity, stable origin ... each act of reading "the text" is a preface to the next.' (Spivak 1982:xiii).

Die marge is die oop speelruimte van 'n teks, waar ook geskryf kan word oor die **verborgene** en die **begrensinge** van die teks, dit wat ongesê of ongeskryf is, dit wat nie onmiddellik opval nie, en wat ook nie regstreeks na vore kom nie.

Dit is ook die speelruimte waarin **ander moontlikhede** aangeteken kan word as dit wat belig en gekies word in die teks.

Die marge is aan 'die rand' van die bestaande teks, 'die wit van die bladsy', oral waar die teks ophou, maar nie eintlik moes ophou nie vanweë die *meer* en die *ander* wat ook nog gesê kon word.

Die keuses, verborgene en begrensinge van 'n teks, kan bewustelik of onbewustelik van aard wees. Dit kan daar wees vanweë ekonomiese redes, strategie, verdringing, of vergeet. Die verborgene, begrensinge en ander moontlikhede raak opvallend: waar 'n bepaalde spanning of aarseling in die teks opgetel word; in gevalle van verontskuldiging; in stilistiese inkonsekwentheid; waar retoriek in stryd is met die aard van die teks; in die omvang, indeling, titel en styl van die teks; in hiërargiese ordeninge (Ijsseling 1986:18).

Om dekonstruktief te lees of te luister, is dus om te lees of te luister na **herkoms**, **begrensinge**, **verborgenhede** en **moontlikhede** wat waarheidsaansprake in 'n ander lig te staan bring en ondermyn.

Ijsseling (1986:13) noem as voorbeelde die blootlegging van verborge retoriek, strategie en ekonomie, wat in die teks werksaam is. Daar word aandag gevra

vir wat nie gesê word nie, ook vir dit wat vergeet of verdring word. In die verborgene tree daar figure op oor wie daar (feitlik) niks gesê word nie, en so is daar ook gebeurtenisse wat nie uitgelig of uitgewerk word nie.

### 2.2.5 Die onmoontlike moontlikheid om te definiëer en verduidelik

Derrida speel self 'n dekonstruktiewe spel oor die verstaan van die woord *dekonstruksie*. Kan 'n mens werklik verstaan wat dekonstruksie is? Daar word in taal, in skrif, oor dekonstruksie gepraat en geskryf. Taal en skrif kan tog nie die betekende verteenwoordig en deursigtig maak nie? Tekens laat ons nie regtig sien of weet nie, dit bring nie die volle prentjie nie. Om te moet vertaal maak sake nog moeiliker, en 'n teks nog meer kwesbaar vir dekonstruksie.

In 'n brief aan 'n Japannese vriend verduidelik Derrida (1988:1) die betekenis van *dekonstruksie* in terme van *ought* en *possible*. Woord en taal belig maar net moontlikhede. Taal, skrif en vertaling maak dit onmoontlik om seker te wees die bedoeling van 'n spreker of skrywer word begryp. Selfs in dieselfde taal is daar 'n onoorsigtelike veelheid van kontekste in spel. Wat Derrida dus vir sy Japannese vriend moes doen, was die paradoksale, 'n onmoontlike moontlikheid.

Dis ook paradoksaal, 'n onmoontlike moontlikheid, wanneer Derrida (1997:16) tog by geleentheid dekonstruksie in 'n neutedop probeer definieer. Hy voeg darem daarby: 'If I were more responsible, I would simply say "No, I won't participate in this game." (!)

Soms is dit wel bruikbaar om neutedoppe te probeer, soos Derrida voorstel, maar dan altyd met die onrustige besef: neutedoppe reduceer en vereenvoudig. Dekonstruksie kompliseer, vermeerder en brei uit. Dekonstruksie breek neutedoppe oop en belig meer moontlikhede (Caputo 1997:31). Dit wat dekonstruksie doen, staan juis teenoor vasmaak in begrippe en definisies, teen neutedoppe se verduideliking.

Hierdie paradoksale waaraan ook Derrida deelneem in die gesprek oor die idee en die woord *dekonstruksie*, onderstreep dat niemand net dekonstruktief kan leef nie. Ons almal, insluitende Jacques Derrida as die vader/meester van dekonstruksie, leef in die nimmereindigende verwisselende spel van konstruksie en dekonstruksie. Dekonstruksie en konstruksie is samelopend. 'Waar' woorde en neutedoppe word egter altyd weer in dekonstruksie ontbloot as pretensieus.

### 2.2.6 Misverstand insake dekonstruksie en metode

Een van die grootste probleme wat Derrida met die woord *dekonstruksie* het, is dat dit as *prosedure-woord*, as *metode-woord* in gebruik geneem is, veral in Amerika. Dit frustreer hom dat baie van sy volgelinge dink daar is 'n metode genaamd Dekonstruksie (Rorty 1996:15).

Hierdie metode sou dan iets wees soos: vind in 'n teks dit wat lyk na 'n selfweerspreking, 'n kontradiksie, verklaar die kontradiksie as die sentrale tema van die teks, en beveel 'n paar veranderinge aan.

Derrida (1988:3-4) beskou nie dekonstruksie as 'n metode nie en dit kan ook nie verander word tot 'n metode nie. Dis veral nie 'n tegniese prosedure nie. Dekonstruksie is 'n gebeure wat nie wag vir die kundigheid van 'n subjek om dit te laat plaasvind nie. Daar kan gepraat word van self-dekonstruksie, 'it deconstructs it-self'. Dekonstruksie hoef selfs nie te wag vir gesprek om dit te laat gebeur nie (Nealon 1993:169).

Dekonstruksie gebeur deurlopend, in die spel van betekening, in *différance*, ook sonder die doelbewuste pogings van agente. 'There is a certain auto-deconstructing tendency buildt right into things.' (Caputo:1997:74). Verskille, kompleksiteit, kontekstualiteit, verskuiwings en beweging laat dekonstruksie gebeur. Dekonstruksie gebeur in alle aspekte van die samelewing.



Dekonstruksie het nog altyd gebeur. Dit vra nie en kies nie vir 'n metode nie. Dit wat Derrida benoeg het en verwoord het in *dekonstruksie*, kan op enige manier gedoen word, vanuit verskillende perspektiewe en beweegredes (Derrida 1996:85). Derrida beskryf dekonstruksie as 'an almost empty motif'. Dit kan te enige tyd, in enige situasie, op enige manier gevul en in diens geneem word. Dekonstruksie vra nie vir 'n metode nie, maar eerder vir 'n ingesteldheid, 'n houding, 'n bedagtheid, 'n 'self-revising, self-questioning mode of openness' (Caputo:1997:73).

Dit wil egter nie sê dat dekonstruksie vyandig staan teenoor metode nie. Metode staan egter vyandig teenoor dekonstruksie wanneer dit verskraling en rigiditeit in die hand werk en ander moontlikhede teenstaan. Hoewel dekonstruksie gebeur en nie wag om bewerk te word deur 'n metode nie, kan enigeen ook as agent van dekonstruksie optree. Enige optrede in diens van dekonstruksie sou beskou kon word as dekonstruktiewe optrede.

Gasché merk wel 'n metodologiese aspek in Derrida se dekonstruktiewe lees van tekste: 'Deconstruction reveals to even a superficial examination, a well-ordered procedure, a step-by-step type of argumentation based on an acute awareness of level-distinctions, a marked thoroughness and regularity.' (Gasché 1987:3). Tog voeg hy dadelik dadelik by: '..if it is recognized at all..' Hy sien dus nie 'n dwingendheid van metode by Derrida nie.

Dekonstruksie by Derrida is 'n spel met woorde. Hy is lief vir 'n eindelose speel met homofone (woorde wat dieselfde klink) en verwantskapswoorde (Ijsseling 1986:16). 'n Goeie voorbeeld hiervan kan gesien word in die teks na aanleiding van sy toespraak wat gedien het by 'n internasionale konferensie<sup>17</sup> (Derrida 1987:161-196).

Moyaert vergelyk die dekonstruksietekste van Derrida met 'n parodie: 'Nergens anders worden we zo getroffen door de nietigheid, de futiliteit van een persoon,

---

<sup>17</sup> *Dekonstruksie en filosofie: Die tekste van Jacques Derrida*. Chicago 1985.



dan in de parodie.' (Moyaert 1986:35). 'n Parodie kan verneder, maar kan ook getuig van eerbiedige betrokkenheid, selfs liefde. Die parodie kan lag en deernis wek. In Derrida se dekonstruksie word egter nie gepoog om nietigheid of futiliteit aan persone te koppel nie. Wat in spel kom is die rede. Die rede met sy pretensies word in sy futiliteit en nietigheid gekonfronteer deur dekonstruksie as parodie. In parodie kom nabootsing, herhaling, voor. Derrida werk met woordherhalings, maar in hierdie herhalings vind 'n verdubbeling plaas. Amper ongemerk kom daar aksentverskille, konteksverskille. 'In de herhaling verandert het kader, het parergon.' (Moyaert 1986:34).

Derrida is 'n meester in die kuns om, as dekonstruktiewe spel met woorde, allerlei dubbelbetekenisse (en meer) aan woorde te koppel, op grond van allerlei verbuigings (Smith 1994:136). As voorbeeld verwys Smith na drie sulke stamverbuigings, naamlik *pharmakon* (medisyne/gif), *pharmakos* (slagoffer/sondebok) en *pharmakeus* (towenaar/kulkunstenaar). Uit so 'n stam sou daar, in die spel van *différance*, baie wortels en takke van betekenis gekonstrueer kan word sonder om by oorspronklike of eintlike betekenis uit te kom.

## 2.2.7 Misverstand insake dekonstruksie en kritiek

### 2.2.7.1 Onbeslisbaarheid

Dekonstruksie is nie krities in die sin dat dit 'n tese met 'n antitese probeer vervang nie. Dit is nie krities-afwysend teenoor een of meer moontlikhede nie, ook nie solidêr-aanvaardend vir die ander moontlikhe(i)d(e) nie, maar lig die moontlikhede uit, en die onmoontlikheid om beslissend daartussen te kies. As dekonstruksie moet kies vir 'n bepaalde moontlikheid, sou die keuse wees: ja en nee (Nealon 1993:161).

'n Mens kan nooit volkome tevrede wees dat 'n goeie keuse gemaak is nie, want 'n keuse ten gunste van een moontlikheid is altyd ten koste van 'n ander

moontlikheid (Mouffe 1996:9). Hierdie onrustige onsekerheid bly wakker en moet wakker gehou word, sodat daar altyd weer na nog ander moontlikhede gekyk kan word. Onbeslisbaarheid laat ons fokus op die onstabiele en onmoontlikheid van die situasie waarbinne gekies moet word. Vanweë die moontlikhede wat gemarginaliseer word in die keuse, is elke keuse onstabiel. Onbeslisbaarheid hang saam met die ontologiese ondeursigtigheid waarmee sowel woord en teks ons laat (Norris 1982:31,74). 'The undecidability of a text is the product of the figural, metaphoric language always at play within the text's attempted constitution of scientific, objectified truth.' (Nealon 1993: 41-42).

Derrida kon hierdie onbeslisbaarheid aantoon, selfs in die Westerse filosofiese tekste wat gepoog het om ontologiese keuses metafisies te begrond. Hy toon aan dat die moontlikheid wat afgewys word, ook weer en steeds as moontlikheid funksioneer in dieselfde teks. Derrida kies egter nie vir die ander moontlikheid nie. Dekonstruksie breek nie een moontlike filosofiese dogma af om dit met 'n ander een te vervang nie. Kritiek is oorbodig in die lig van onbeslisbaarheid.

In aansluiting by Kierkegaard gebruik Caputo (1989:24) die begrip *gewapende neutraliteit* (armed neutrality) in sy verduideliking van *différance*. Neutraliteit moet hier gelees word as verwysende na onbeslisbaarheid. Die moontlikheid van alle teenwoordigheidsaansprake word erken, maar alle aansprake word skepties beskou en as't ware as verdagtes aangehou! Dit sou beskou kan word as 'n vriendelike, gasvrye aanhouding. Dekonstruksie is met betrekking tot ontiese en metafisiese aansprake akkommoderend, maar ook skepties.

#### **2.2.7.2 Reaktief sonder om te kies**

Dekonstruksie werk in die marge van bestaande tekste. Dit is afhanklik van die moderniteit van die sisteem waarop dit dekonstruktief werk (Elam 1992:166). Dit bly onseker juis omdat dit nie kritiek vanuit 'n ander tese is nie.

Die dekonstruksie van 'n teks kan ook nooit 'n sogenaamde laaste woord hê nie. Dekonstruksie bewerk deurlopend die suspisie dat iets anders, wat steeds gemis word, nog moet kom. Dis nie 'n suspisie dat die ander verkeerd is nie, maar wel dat die saak nog meer kante, nog meer moontlikhede, nog meer perspektiewe het.

Deconstruction requires a prior hermeneutics. Deconstruction lies in wait for discourse to stake its claims and then it pounces on it, showing how much trouble this discourse has brought for itself by its boldness. Deconstruction has nothing to say, there is no Deconstruction 'itself'. Deconstruction is first of all a parasitic practice, not a body of theories.

(Caputo 1989:31)

Die probleme wat diskoers vir homself skep, is dat heterogene verskeidenheid en ander moontlikhede nie voldoende en beslissend verreken word nie. Die probleem lê nie op die vlak van logiese weersprekings en lomp formulerings wat verbeter kan word nie. Die probleme waarop dekonstruksie inwerk, sal ook nie opgelos word deur 'n omvangryker geskrif wat ryker en duideliker kommunikeer nie. In dekonstruktiewe betrokkenheid word gefokus op nie-logiese weersprekings wat die waarheid en vaste begronding van argumente ondermyn, sonder om dit te probeer vervang of aanvul met ander, beter argumente (Gasché 1987:4; Moyaert 1986:33).

Kritiek sou 'n **verbetering** of **vervanging** impliseer. Dekonstruksie is nie 'n kritiek nie, dit wil nie 'n begronding vervang met 'n ander begronding nie. Kritiek werk vanuit 'n eie (waarheids)begronding. Kritiek bedoel die vervanging van een sisteem met 'n ander, ter wille van groter objektiwiteit of wetenskaplike verstaan van die waarheid. In hierdie sin is dekonstruksie geen kritiek nie.

Dekonstruktiewe betrokkenheid is nie negatief-afbrekend deur sy skrywe in die marge nie. Dit poog om te besiel en nie om te verniel nie (Bernet 1986:97). 'A deconstruction of science, or theology, of literature or law, of whatever, is always an attempt to open it up, not bash it or knock it senseless.' (Caputo: 1997:74). Dekonstruksie maak oop en maak los ter wille van lewensmoontlikhede, sodat verder geskryf kan word, sodat daar nie in rigiditeit en marginalisering versand word nie. 'The business of deconstruction is to open and loosen things up .... Deconstruction keeps thinking and writing alive, open.' (Caputo 1997:42).

Derrida hanteer tekste wat hy dekonstruktief lees (en ook die skrywers van die tekste) met groot respek. Hy skep wel ongemak vir die outeurs van tekste, aangesien waarheidsaansprake onder verdenking kom en blinde-kolle belig word. Dekonstruksie a la Derrida verleen aan die uitsprake van skrywers ego's waarin hulle hulleself nie sou (wou) herken nie. Hy assosieer hulle met geselskap waardeur hulle gekompromitteer word, verdag gemaak word (Burms 1986:193).

### 2.2.7.3 Wat word dan opponeer in dekonstruksie?

Al wat dekonstruksie opponeer is rigiede definisies, rigiede dogmas, rigiede programme, rigiede dissiplines, en rigiede begrensinge (Derrida 1997:4-6).

Dekonstruksie manipuleer nie ter wille van 'n ander moontlikheid nie. Dit behels meer van 'n *en-en* benadering, en nie 'n *of-of* benadering nie. Dit belig die spanning wat bestaan tussen die oue en die nuwe, die spanning wat opgesluit lê in heterogeniteit. Dekonstruksie kies nie, dit belig ander moontlikhede. Dekonstruksie werk in op rigiditeit en verskraling, en open die weg vir nuwe konstruksies op grond van vermeerdering van moontlikhede.

Dekonstruksie is nie nihilisme nie (Ijsseling 1986:13). Dit ontken nie enige moontlikheid nie, maar belig die gekonstrueerdheid van alle filosofie,

wetenskap, ideologie, politiek, teologie en instellings. Dit belig ook verborge retoriek, strategie en ekonomie wat in tekste werksaam is.

Ek sou die verband tussen dekonstruksie en opponering so wou saamvat: dekonstruksie opponeer geen enkele moontlikheid nie, maar laat ook geen enkele moontlikheid met rus, waar hierdie moontlikheid neig om sigself as die enigste moontlikheid te laat geld nie.

#### 2.2.7.4 Vyandig teenoor keuse?

Dekonstruksie staan nie vyandig teenoor berekening en keuse nie, maar opponeer selftevrede begroning en valse gerustheid in die keuse. 'Deciding is a possibility sustained by its impossibility.' (Caputo 1997:137).

Onbeslisbaarheid is nie 'n dwang op ons om nie te kies nie. Daar kom 'n tyd wanneer die keuse, die beslissing, nie langer uitgestel kan word nie. Daar kom 'n tyd wanneer keuse die enigste verantwoordelike ding is om te doen. Dit is die oomblik van politiek.

Decision is urgent, because justice is urgent. Justice cannot wait for all the facts to come in, which they never do. Justice cannot wait for the system to be completed. Justice is a leap into act, not a calculation saturated with knowledge.

(Caputo 1997:139)

Daarom staan Derrida ook nie negatief en vyandig teenoor die pragmatisme van Rorty nie. Pragmatisme in politiek behels akkommodasie van kompeterende belange, korttermyn hervormings en kompromieë, sonder om na die rasonale, die essensie van 'n saak te vra (Rorty 1996:17). Derrida het groot waardering vir Rorty se wegstuur vanaf essensie en rasonale begroning.

Dekonstruksie vra egter steeds, in die skynbare stabiliteit van die pragmatiese akkommodasie en kompromie, vir openheid na meer en ander moontlikhede. Dekonstruksie het meer respek vir ander moontlike kontekste as wat die geval is in pragmatisme. 'For Derrida no political form can or attempt to embody justice - the undecidability of justice.' (Chritchley 1996:35).

Dekonstruktiewe keuse is altyd ja en nee. Nóg begrondende rasionalisme nóg pragmatisme ontsnap aan dekonstruksie, soos wat nóg empirisme nóg strukturalisme ontsnap aan dekonstruksie. Dekonstruksie is vrugbaar in soverre dit ons daaraan bly herinner dat ons nooit beslissend kan kies nie.

#### **2.2.7.5 Kritiek op Derrida se kritiekloosheid**

Ricoeur trek die dekonstruktiewe tekste van Derrida in by die Westerse metafisika en betoog dat ook dekonstruksie onmoontlik is omdat dit ook, as aktiwiteit van die rede, iets as waar en eintlik wil bevestig (Berns 1986:159).

Daardeur doen Ricoeur wat ook Gadamer (1989a:56) gedoen het, naamlik om Derrida se dekonstruktiewe vrae/opmerkings te sien as deel van, en spruitende uit, sy eie metafisika.

Ook Cumming maak van Derrida se dekonstruksie net nog 'n filosofie binne die Westerse metafisiese tradisie: '...Derrida breaks with phenomenology and sponsors in its place what I have risked calling a philosophy of language.' (Cumming 1991:35).

Derrida beskou dekonstruksie egter nie as net nog 'n posisionering binne die Westerse metafisika nie. Dekonstruksie is a-teties van aard. Min word gestel, weinig word verdedig. Derrida self vra die vraag: waarom sou mens iets moet verdedig, en wat is daar om te verdedig? Argumente en redeneringe veronderstel altyd te veel (Ijsseling 1986:13).



Dekonstruksie kan egter wel verstaan word as nog 'n sisteem van waarheidsuitsprake: 'In the hands of less subtle and resourceful readers deconstruction can become a theoretical vogue as uniform and cramping as the worst New Critical dogma.' (Norris 1982:17).

Dit is na my mening egter moontlik om Derrida te lees as postmoderne filosoof en nie as moderne, metafisiese filosoof nie. Hy is ook nie strukturalistiese taalfilosoof nie. Tog wil hy ook nie anti-metafisies wees en sodoende weer 'n nuwe tese stel nie. Hy wil dekonstrueer. Hy wil in die marge skryf. Hy is die filosoof van onbeslisbaarheid, van *différance*. Hy skryf ook nie net dekonstruktief nie, maar waag hom selfs aan neutedoppe.

Derrida besef self dat hy nie van buite die metafisiese taal kan dekonstrueer nie. Ons kan nie buite taal staan nie, maar moet terselfdertyd die grense en beperkinge wat taal suggereer ontmasker. '...although we cannot get outside of the metaphysics of language, we may still use language as a means of questioning its own basis of meaning.' (Marshall 1992:67).

### **2.2.8 Dekonstruksie en hermeneutiese betrokkenheid**

Hermeneutiese betrokkenheid by 'n teks of enige saak het die doel om tot verstaan te kom, maar dan met die besef dat elke poging tot verstaan 'n **interpretasie** is. Hermeneutiek sou beskou kan word as die kuns en wetenskap van interpretasie (Bloesch 1994:172).

Vervolgens sal probeer word om 'n interpretasie te gee oor die verhouding tussen dekonstruksie en hermeneutiek.

*Difference*, verskillendheid en die andersheid van die ander is vir Derrida 'n radikaler begrip as vir Gadamer. Gadamer beleef die verskil tussen hom en Derrida kleiner as wat Derrida dit beleef. 'I believe I am not very far from Derrida when I stress that one never knows in advance what one will find oneself to be.' (Gadamer 1989a:57).



### 2.2.8.1 Gadamer se hermeneutiese posisionering

Ek gee vervolgens kortliks aandag aan Gadamer se hermeneutiese posisionering en wil langs hierdie weg 'n moontlike verstaan van die verskille tussen dekonstruksie en hermeneutiek belig.

Gadamer (1989b:21-51) het hom verdiep in die hermeneutiek, die proses waar tot verstaan gekom word langs die weg van taal, gesprekvoering, en interpretasie. Hy beskou die vermoë om te verstaan as fundamenteel, universeel, bo alle twyfel, vir alle mense.

Gesprekvoering help om die hermeneutiese sirkel<sup>18</sup> te deurbreek, en maak die verstaansproses dialekties van aard, hoewel nie metafisies-dialekties soos by Hegel nie. Teenoor Hegel verstaan Gadamer dialektiek nie as 'n proses waarin die Absolute gees in vervulling gaan nie, maar 'history must be written anew by every new present'. (Gadamer 1989b:24). Om te probeer verstaan is meer as maar net 'n poging om gegewe betekenis te ontdek.

Sodoende poog hy om weg te breek van Westerse filosofiese metafisika wat 'n hoogtepunt in Hegel bereik het: 'The dialogical character of language ... leaves behind it any startingpoint in the subjectivity of the subject ... risks our prejudices ... exposes oneself to one's own doubt as well as to the rejoinder of the other.' (Gadamer 1989b:26). Hierin soek hy aansluiting by Nietzsche en Freud:

From Nietzsche we learned to doubt the grounding of truth in the self-certainty of self-consciousness. Through Freud we became

---

<sup>18</sup> Hermeneutiese sirkel dui op die onvermoë om iemand anders se woorde of tekste te verstaan op 'n ander wyse as deur die duplisering of instandhouding van die verstaan waarmee na die teks of persoon gekom is. (Gergen en Semin:8).

acquainted with the astonishing scientific discoveries that resulted from taking these doubts seriously.

(Gadamer 1989b:29)

Taal is interpretatief, 'midworld ... the true dimension of that which is given. It is interpretation that performs the never fully complete mediation between man and world.' (Gadamer 1989b:29). Die taalfaktor waardeur mense tot verstaansooreenkoms moet kom is 'n hindernis, 'n begrensende versperring in die hermeneutiese proses, wat verhoed dat die persoonsgeheim ontsluit word. Die probleem lê dus in die taalfaktor, want die mens het vir Gadamer 'n fundamentele vermoë om tot verstaan te kom.

In sy dialektiese hermeneutiek gee Gadamer dus ook voorrang aan dialoog, aan gesproke taal, bo teks-taal:

While in living conversation one tries to reach understanding through the give-and-take of discussion, which means that one searches for those words -- and accompanies them with intonation and gesture -- that one expects will get through to the other, in writing the openness that is implied in seeking the words cannot be communicated because the text is printed.

(Gadamer 1989b:34)

Met die oog op verstaan is die teks as teks nie belangrik nie, maar wel die begrip van wat gesê word. Dieselfde geld vir metafore. Aan die hand van Aristoteles se *schlagartigen Umschlag* skryf Gadamer (1989b:48): 'It is like this with the blow-like suddenness of understanding, as the disordered fragments of the sentence, the words, suddenly crystallize into the unity of a meaning of the whole sentence.'

Daarmee bedoel Gadamer wel nie dat **dié** betekenis bereik word nie. Telkens word nuwe betekenisdimensies ontdek in 'n teks. 'What stands at the end is not the secure consciousness of having understood the matter so that now one can leave the text behind, but rather just the opposite.'

Gadamer reken om met sy konsep *beteken, mean*, uit die metafisiese vaarwater te kom. *Teenwoordigheid* behels vir hom nie 'presence-at-hand' of 'n konsep wat dui op objektifeerbaarheid nie. 'Language and writing exist always in their referential function [*Verweisung*]. They *are* not, but rather they *mean*'. (1989b:47).

Oor *die ander* se teenwoordigheid skryf Gadamer (1989b:26): 'The mere presence of the other before whom we stand helps us to break up our own bias and narrowness, even before he opens his mouth to make a reply.'

#### **2.2.8.2 Derrida se reaksie op Gadamer**

In sy dekonstruktiewe lees van Gadamer se *Text and Interpretation* fokus Derrida op Gadamer se veronderstelling van die begeerte tot konsensus in verstaan. Hierin beleef Derrida nie die *ander* by Gadamer as *radikaal anders* nie. Derrida lees nog steeds by Gadamer die aksioma van die Kantiaanse *good will* wat metafisies begrondend funksioneer.

Die breuk met die *ander* is te groot om te dink daar kan tot verstaan gekom word bloot deur die vergroting van die interpretasiekonteks. Konteksvergroting bring ook 'n herstrukturering van alle elemente met betrekking tot mekaar mee (Derrida 1989:53). Konteksverruiming kompleksifiseer eerder as wat dit ons nader aan verstaan bring.

Derrida bevra die moontlikheid om *verstaan* te kan beskou as 'axiomatic precondition of interpretive discourse.' Dit is ook moeilik vir Derrida om *experience* by Gadamer anders as metafisies<sup>19</sup> te lees.

Derrida (1989:53) het 'n onrus oor alle aksiomatiese strukture wat op metafisiese vlak in die filosofie funksioneer. Metafisiese aksiomas ontken die breuk, ten gunste van 'n vermeende eenheid. Dekonstruksie bewerk deurlopend die suspisie dat iets anders, wat steeds gemis word, nog moet kom. Dis nie 'n suspisie dat die ander verkeerd is nie, maar wel dat die saak nog meer kante, moontlikhede en perspektiewe het. Derrida se suspisie oor Gadamer is dat daar steeds 'n 'closure of a corpus' by hom is.

### **2.2.8.3 Gadamer se reaksie op Derrida se reaksie**

In sy reaksie op hierdie suspisie, en op die moontlikheid dat hy nie die breuk radikaal verreken nie, verwys Gadamer na Plato. Volgens Plato word die misverstand en valse instemming dat woorde betekenis op sigself het, geëlimineer in 'n proses van woord en woord, vraag en antwoord, 'never-ending dialogue'.

### **2.2.8.4 Wie het die laaste woord?**

Het Gadamer die laaste woord? In die lig van 'never-ending dialogue', nee. Moet die suspisie bly? In die lig van dekonstruksie, ja.

### **2.2.8.5 Dekonstruksie vyandig teenoor hermeneutiek?**

Kategorieë soos *verstaan*, *interpretasie* en *dialog* word nie geopponeer in dekonstruksie nie. Net soos wat dekonstruksie nie vyandig is teenoor metode as sodanig nie, is dit ook nie vyandig teenoor hermeneutiek nie. Ons leef met metodes en ons leef hermeneuties.

---

<sup>19</sup> 'Experience as such, presentation as such'

Dekonstruksie staan nie teenoor interpretasie nie, maar relatiewe elke interpretasie in die lig van meer moontlikhede en herstrukturerende, verskuivende kontekste, in die lig van *différance*. Dekonstruksie wil nie tot interpretasie kom nie, maar wil die verskeidenheid van interpretasiemoontlikhede vermeerder en eerder die breuk onderstreep. Waar hermeneuties 'n keuse gemaak word vanweë ekonomiese, politieke of ander redes, word die (gemarginaliseerde) ander moontlikhede belig.

Derrida se fokus is nie op interpretasie en verklaring nie, maar op marges, op *différance*. 'Hermeneutics is wrenched from its quest for truth, by a language of erotic suggestion and teasing *différance* which breaks down its claims to interpretative mastery.' (Norris 1982:72). Vanuit 'n dekonstruktiewe perspektief word interpretasie dus beskou as 'n konstruerende proses, wat op sigself onmiddellik dekonstruktief bevra kan word.

Dekonstruksiefilosowe kan na my mening egter wel waardering hê vir hermeneutici wat wegbeweeg van uiters eng posisionerings. 'n Voorbeeld van so 'n benadering is die resepsie-estetika wat, in Dill (1996:81) se woorde, 'groter verwysende potensiaal van die teks' in ag neem. Binne hierdie hermeneutiese benadering het die groter kontekstuele en kultureel-sosiale beklemtonings belangriker geword as wat die geval was by die histories-kritiese benadering. Laasgenoemde se primêre klem was op die outeur en die sogenaamde oorspronklike betekenis van die teks.

Ek verwys ook waarderend na die hermeneutikus Paul Ricoeur, wat alle objekte van ondersoek in die menswetenskappe beskou as tekste. Hy beskou die skrywer van 'n teks as die eerste leser. Met elke lesing word 'n potensiële nuwe wêreld deur die teks ontsluit (Dill 1996:81). Dill (1996:83) skryf egter met die suspisie dat die positivistiese dualisme van subjek teenoor objek ook nog funksioneer by Ricoeur, dat 'n *an sich*-waarheid vir hom ook bereikbaar sou wees. Hierdie soort suspisie van Dill is na my mening ook die beweegrede vir dekonstruktiewe betrokkenheid.

Dit val vreemd op dat Dill met so 'n suspisie leef en tog nog rede vind om Derrida vanuit 'n epistemologiese oogpunt aan te kla van 'volslae relativisme en skeptisisme' (Dill 1996:86).

Dekonstruksieteoretici word dikwels verwyd van relativisme. Murphy (1994:250,256,257) byvoorbeeld beskou dekonstruksie as ekstremisties teenoor alle konvensies en as hermeneutiese relativisme. Deur sodanige verwyte word dikwels gepoog om die onproduktiwiteit en selfs gevaar van dekonstruksieteorie aan te toon. Derrida beskou egter dekonstruksie as relevant, en wel in die lig van radikale verskillendheid en *différance*. Dekonstruksie is eties relevant deurdat dit marginalisering en rigiede waarheidsbegronnings van *grand narratives* teenwerk.

### 2.2.9 Dekonstruksie en sisteemdenke

Modernistiese sisteemteorie bied vermeende 'objektiewe beskrywinge van ontiese werklikhede' (Kotzé & Botha 1994:390). Daar word sodoende byvoorbeeld hoog opgegee oor die 'werklike situasie in 'n gesinsisteem.' Vanuit hierdie 'werklikheidsbeskrywing' sou 'n sisteem dan geëvalueer kon word en probleme daarbinne gedefinieer kon word.

Ek sal in hoofstuk vier verduidelik hoedat daar in die familierapiebeweging – wat in sy modernistiese hoogbloei sterk gekonseptualiseer het rondom die begrip *sisteem* – 'n nuwe besorgdheid en bedagtheid ontstaan het dat daar oor sisteme te beperkend, verskralend, totalitêr, oorskouend en objektiverend ('van buite') gedink is. Die nuwe postmoderne paradigma binne die familierapiebeweging het algaande almeer die gekonstrueerdheid van sisteme belig. Dit wat uit hierdie bedagtheid en besorgdheid gevolg het, het die vermeende 'waarheid' oor sisteme en hul funksionering begin deurbreek. Dit kan dus beskou word as 'n dekonstruktiewe beweging. Die meeste postmoderne terapeute na wie ek sal verwys in hoofstuk vier, staan nie



vyandig teenoor sisteemdenke nie, maar ondergrawe enige waarheidskonstruering daar rondom.

As voorbeeld van hierdie nuwe denke verwys ek na Anderson en Goolishian (1988:371-372). Hulle het nie meer aan menslike sisteme gedink as sosiale sisteme wat gedefinieer kan word deur organiserende konsepte soos rol en struktuur, en gemanipuleer kan word deur diagnoses en intervensies nie. Hulle dink eerder aan menslike sisteme as linguistiese sisteme waarbinne taal en betekenis geskep word. Organisering en struktuur is die gevolg van kommunikatiewe handeling in dialoog, en word dus plaaslik vasgestel/gekonstrueer.

Dekonstruksie is nie vyandig teenoor sisteemvorming nie, maar sisteemvorming is vyandig teenoor dekonstruksie indien 'n sisteem gedefinieer sou word as 'n oorsigtelike geheel wat deursigtig en in sy geheel begrypbaar is, 'n geheel waarvan die werking in waarheid geïnterpreteer kan word. Die waarheid oor 'n sisteem word nie ontdek nie, selfs ook nie wat die sisteem is nie.

'n Sisteem is nie 'n geheel nie, maar 'n funksionele konstruksie. *'Het geheel bestaat niet, hoogstens kan er sprake zijn van een geheel waarvan de grenzen steeds kunnen worden verlegd, waardoor ook steeds nieuwe interpretaties mogelijk zijn.'* (Ijsseling 1986:21). Elke 'geheel' is 'n gekonstrueerde geheel. Dit is onmoontlik om totaliteite te bedink. 'n Totaliteit is onmoontlik kompleks om te kan bedink en onthou, maar ook onmoontlik om te vorm (Derrida 1997:25,26). Dekonstruksie kom in spel wanneer totaliteite as sistemiese gehele verbeel word. Dekonstruksie werk in op alle vermeende 'ware' sisteemvorming, en gebeur in alle kulture met hulle taal, stories, waardes en tradisies.



## 2.2.10 Posisionering (attitude) van 'n dekonstruerende leser/hoorder

Dekonstruksie vra vir 'n geduldige leser of luisteraar; geduld vir tekste en (storie)vertellings om hulself aan te bied. Dit is belangrik om daarop te bly let dat dekonstruksie vanuit die teks self bedryf word. Die teks moet homself aanbied, homself verduidelik, en sodoende moet die marge, die impasse, begin blyk.

Dekonstruksie word nie eens en vir altyd rondom 'n teks of storie afgehandel nie. Dit is 'n proses wat geduld vra van die leser. Derrida lees en herlees byvoorbeeld voortdurend die tekste van die klassieke skrywers soos Plato (Caputo 1997:9). Die oue word nie agtergelaat nie, maar word dikwels weer deurlees en oorvertel.

Hoe meer gelees of gehoor of vertel word, hoe meer blyk die kontradiksies en onvoldoendheid van die ou teks of storie. Daar groei nuwe en meer moontlikhede, en die oue dekonstrueer.

'n Dekonstruktiewe leser of luisteraar moet 'n oop ingesteldheid hê vir ander moontlikhede, vir ander interpretasies, vir *news of difference*, vir kontrasterende kontekste, vir die andersheid van die ander, vir die spanning in heterogeniteit.

'n Dekonstruktiewe leser of luisteraar moet respek hê vir die radikale andersheid van die ander, wat insluit die skrywer van die teks en die verteller van die storie, maar ook respek vir die ander wat (nog) in die marge verborge lê.

'n Dekonstruktiewe leser of luisteraar neem deel met die speelsheid van iemand vir wie essensies nie op die spel is nie.

Geduld, respek, oopheid, en speelsheid, is belangriker as metodes.

## 2.2.11 Dekonstruksie en etiek

Die diepste motief van dekonstruksie is bevryding en die oopmaak/oophou van die toekoms, deur respek vir die ander (Nealon 1993:172).

### 2.2.11.1 Die andersheid van die ander en die verhouding met die ander

Dekonstruksie vra ruimte vir die andersheid van die ander. 'n Dekonstruktiewe fokus op heterogeniteit, verskillendheid en selfs breuke en disassosiasie, wil nie vervreem en verwyder nie, maar is juis noodsaaklik ter wille van die verhouding met die ander (Derrida 1997:12).

I cannot reach the other. I cannot know the other from the inside and so on. That is not an obstacle but the condition of love, of friendship, and of war, too, a condition of the relation to the other. So, dissociation is the condition of community, the condition of any unity as such.

(Derrida 1997:14-15)

Juis omdat *etiek* en *verhouding* vir Derrida belangrik is, kies hy nie vir 'n strewe na eenheid of vereniging nie, maar ook nie vir 'n strewe na disassosiasie daarteenoor nie. Eensydige fokus op disassosiasie is 'n keuse teen die verhouding, en die strewe na totalitêre eenheid marginaliseer die andersheid van die ander en vernietig die verhouding. Albei eensydighede spel die dood. 'You see, pure unity, or pure multiplicity – when there is only totality or unity and when there is only multiplicity or disassosiation – is synonym of death.' (Derrida 1997:13).

### 2.2.11.2 Laat die ander toe om anders te wees, sonder onderwerping en marginalisering

'Deconstruction will favor the discourses of the marginalized.' (Farrell 1994:261).

'As the bad conscience of an imperialistic logocentrism, deconstruction speaks on behalf of what doesn't fit into our schemes and patiently advocates letting the other be in its otherness.' (McCarthy 1991:107).

In dekonstruktiewe betrokkenheid word die vermeende gronde van etiese en politieke keuses bevra, veral met die oog op moontlike marginalisering en uitsluiting van dit wat anders is en nie inpas by die self en die verenigende ideale van die besluitnemers/maghebbers nie. Die ander mag egter ook nie deur 'n strewe na disassosiasie gemarginaliseer of onderdruk word nie.

## 2.3 OPSOMMING

### 2.3.1 Modernisme

Modernisme as metafisiese, begroeiende denkwysie in die Westerse filosofie is veral gevorm in die tydperk vanaf Descartes tot en met Hegel. Die filosofe Kant en Hegel verdien besondere vermelding.

Die modernisme streef na die vasstelling/teenwoordigstelling van die absolute waarheid/werklikheid onder leiding van die rede. Dit wat *begroeiend* is kan ook as *sentraal* beskou word. Hierdie modernistiese posisionering met sy soeke na die oorspronklike en essensiële, word ook dikwels met die begrip *logosentrisme* verduidelik. Logosentrisme kom in die Westerse metafisika veral na vore as fonosentrisme. Dit behels onder meer dat die geskrewe woord as tweedehandse taal, as teken van 'n teken, gedegradeer word.

Die subjek-objek verhoudingskema oorheers die modernistiese metafisika. Die redelike mens as kennende subjek – wat egter ook self geobjektiveer kan word – moet die waarheid objektief probeer vasstel.

### 2.3.2 Postmodernisme

Postmodernisme behels 'n groeiende bewustheid van *andersheid* en komplekse verskeidenheid van tradisies en kulture, in die wêreld wat al meer soos 'n wêrelddorp (global village) word. Meer moontlikhede word belig, en 'n beleving van onbeslisbaarheid ontstaan. Modernisme is geneig om verskillendheid en andersheid te marginaliseer binne eenheids-idees en eenheidstrukture, terwyl postmodernisme eerder neig om multi-kultureel te fokus.

Postmoderne mense meng en pas op 'n speelse manier en is meer verdraagsaam teenoor die chaotiese as wat die geval is in die modernisme. Grense, binêre teenstellings, tradisionele rolle, hiërargieë en sogenaamde objektiewe kundigheid, word deur 'n speelse styl bevraagteken.

Die postmoderne aandrag is dat kontekste van ontstaan (historie) en bestaan voortdurend belig moet word. Absolute vertrekpunte word afgemaak as arbitrêr, ontwerp, moontlik fiktief, onmoontlik om te begrond.

By die impasse, die dooie punte, die noutes, die grense, die onbeslisbaarheid, soek die postmoderne mens nie meer na waarheid nie, maar na moontlikhede waardeur voortgeleef kan word.

Groepe wat in die Westerse samelewing gemarginaliseer of hiërargies gedegradeer is deur tradisionalisme of modernisme, vind groot aanklank by die postmodernisme.

### 2.3.3 Dekonstruksie

Jacques Derrida het Westers-metafisiese tekste – insluitende tekste van strukturalistiese taalfilosowe by wie hy aanvanklik aansluiting gevind het – dekonstruktief begin lees. Hy het nie meer 'n *logos* as uitgangspunt in sy werk geneem nie.

'n Metafisiese struktuur is gedekonstrueer wanneer die een – byvoorbeeld die gesproke woord – nie meer duidelik blyk voorrang te moet geniet bo die ander – byvoorbeeld die geskrewe woord – nie. Dit bring die bestaan van die logos-struktuur, die bestaan van die sentrum self, onder verdenking.

Die volgende sou beskou kan word as belangrike aspekte van Derrida se eie dekonstruktiewe beweging:

- ✿ Bring die ondergeskikte/gemarginaliseerde in spel, nie van buite nie, maar na aanleiding van innerlike spanninge (inkonsekwensies) in die aanvanklike spel van uitsluiting/marginalisering. Derrida probeer deurlopend binêre (of-of) teenoorstelling oorkom, deur aan te toon dat daar altyd 'n spoor van die een in die ander is waar teenoorgesteldes voor mekaar te staan kom.
- ✿ Die hiërargie word *speels* (ondermynend) omgekeer. Die dekonstruktiewe beweging beoog egter nie 'n nuwe/omgekeerde hiërargie nie, maar eerder 'n bewusmaking van die onmoontlikheid om te kies, vanweë die gekompliseerdheid van die spel. Die nuwe hiërargie word ook onder verdenking geplaas.

'n Besondere skepping van Derrida, naamlik *différance*, kom in sy werk *Marges* na vore. Deur die onuitgesprokenheid van *différance* se *a* – wat die tweede *e* in *difference* vervang – belig Derrida op 'n speelse manier sy dekonstruktiewe perspektief dat gesproke of geskrewe taal, as *play of difference*, nooit die betekende konsep verteenwoordig of selfs teenwoordig stel nie. Alles in taal is *signifier*, sonder dat ooit by 'n *signified* uitgekom word aan die einde van die taalspel. Metafore bestaan midde in ontelbare hoeveelhede ander tekens, in 'n verwysende spel.

Alle taalspel is effek van die verlede, dra die merk van die verlede, en affekteer die toekomstige taalspel. Alle tekste kan beskou word as margetekste. Dit word geskryf in die marge van vorige, ouer bestaande tekste, as't ware daarop

ingeënt. Die marge is ook die speelruimte waarin ander moontlikhede aangeteken kan word, meer as dit wat belig en gekies word in die teks.

Derrida beskou nie dekonstruksie as 'n metode of tegniese prosedure nie. Verskille, kompleksiteit, kontekstualiteit, verskuiwings en beweging in die spel van betekening, laat dekonstruksie deurlopend gebeur, ook sonder die doelbewuste pogings van agente.

Dekonstruksie is nie 'n nihilistiese ontkenning van *moontlikheid* of 'n kritiek wat opponerend werk vanuit 'n ander tese nie. Dit belig egter *meer* moontlikhede en opponeer slegs rigiditeit in definisies, dogmas, programme, dissiplines, en begrensinge.

Dekonstruksie relativeer elke filosofie, teologie, sisteem en instelling, in terme van gekonstrueerdheid en keuse binne baie moontlikhede. Dit belig ook verborge retoriek, strategie en ekonomie wat in tekste werkzaam is.

Die diepste motief van dekonstruksie is bevryding en die oopmaak/oophou van die toekoms, deur respek vir die ander. Dekonstruksie vra ruimte vir die andersheid van die ander.

## 2.4 BLIK OP VOLGENDE HOOFSTUK

Dekonstruksie het geen selfstandige lewe nie. Dit leef van konstruerings wat met waarheidspretensie gemaak word. In die volgende hoofstuk sal ondersoek gedoen word na prosesse van sosiale konstruering wat dekonstruksie in spel bring.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA